# Die Wedergeboorte

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global. co. za
Webwerf: www.
nuweopenbaring. co. za

# DIE WEDERGEBOORTE

**In hierdie boek, die NEGENDE in `n reeks eindtyd openbaringe aan Louise Snyder, gaan ons dierbare Verlosser voort om ons bewus te maak van Sy groot verlossingsplan, asook die groot reinigingsproses wat ons as gelowiges sal moet deurmaak, sodat ons Hom, eerstens in die gees, en daarna met ons vleeslike oë, sal kan sien. Verder openbaar Hy diep verborgenhede van die Skrif aan ons, veral oor die komende eindtyd stryd wat voorlê.**

# DIE WEDERGEBOORTE

## Hoofstuk 1

***04.03.2008 09:31***

Nadat julle ontwaak het moet julle opstaan en in MY diens besig wees sodat Ek julle met MY GEES kan vervul en julle sterk kan wees. Ontwaak in MY Naam en wees sterk! Gaan na julle broeders waarheen EK julle stuur en waarsku hulle om in MY te glo en te weet dat EK julle sal beskerm tydens die nag van die lang messe waarteen EK julle al lankal waarsku. MY boodskapper sal ook vandag ontwaak en hy sal weet wat hom te doen staan sodat hy MY ten volle kan behaag. EK sal julle almal wys wat julle vir MY moet doen en julle sal weet wat reg en wat verkeerd is wanneer EK binne julle spreek. Die mense wat alreeds MY stem kan hoor, weet wat hulle moet doen en al klink dit vir julle asof daar niks gebeur nie, gebeur daar tog oneindig baie in die binnekante van julle harte. EK laat julle almal slaap sodat julle in die Gees lering van MY kan ontvang. EK praat met julle in julle slaap en julle sal weet dat dit EK is wanneer julle wakker geword het. Julle sal ontwaak en beter insig hê in dinge en dit is omdat EK julle SELF aanspreek en julle leer. MY kinders, niemand kan MY belemmer om lering te gee aan iemand wat dit bitter graag wil ontvang nie en niemand kan MY keer wanneer EK met iemand wil praat nie. Almal van julle is vol sondes en kan nie alles reg doen nie, maar EK het in MY groot genade met baie van julle wat ook vol sonde is begin praat en hulle op die regte weg begin lei. Dit is die rede dat EK met party van julle praat wat in die oë van die ander nog heel onvolmaak is en nie geskik is om MY woorde te kan hoor nie. EK praat reeds met die onvolmaaktes ook sodat EK hulle reg kan lei en niemand moet iets daaroor sê nie omdat EK die Een is wat kies met wie EK wil praat of nie. EK sal op die ou einde van die dag met almal praat en almal sal MY kan hoor en sien in die GEES, maar die wat MY die liefste het sal voorkeur geniet, al het hulle baie sondes. EK sal eerste met die praat wat My die liefste het en dan sal die ander MY daarna kan

hoor. Julle moet nie hieraan twyfel nie omdat dit weereens EK is wat hier spreek en EK julle nooit sal belieg nie. MY kinders, julle moet minder tyd aan die aardse dinge wy en MY die hele tyd aanroep terwyl jy besig is met net die belangrikste dinge. Moenie planne maak om dit of dat te doen nie maar maak planne om meer en meer af te sonder. Gaan in die stilte van jou hart in en kom soek MY daar sodat jy MY stem kan hoor en wanneer jy MY stem kan hoor, sal EK vir julle sê wat nodig is om gedoen te word en wat nie. Daar waar EK is sal niemand misverstande hê nie omdat EK met elkeen sal praat en dit aan elkeen bekend sal maak wat EK wil hê. In daardie orde sal julle ook julle land reinig van alle onreinheid omdat julle presies sal weet wat julle te doen staan in die groot stryd. MY kinders, julle moenie dink dat julle MY kan verstaan en MY kan deurvors nie omdat niemand MY kan verstaan nie. MY weë is nie julle weë nie en nie eers MY engele verstaan MY heeltemal nie. MY engele staan nog stom van verbasing oor al die dinge wat EK doen. MY hand is uitgestrek oor julle om julle te help en julle in te wy in MY wysheidshemele maar julle moet alles opgee vir MY en dan sal EK julle laat ontwaak en julle sal in MY diens wees nadat julle wedergebore geword het. MY kinders moenie MY versoek deur nie te glo wat EK vir julle sê nie, glo onwrikbaar en weet dat alles wat Ek vir julle tot dusver bekend gemaak het, wel so sal uitloop en daar sal nog baie nuwe openbaringe kom wat julle tot in julle siele sal skok en ook bly maak met die vreugde wat uit MY hande uit kom. Al wat EK van julle vra is julle Liefde aan MY en niks sal vir julle in die weg gegooi kan word nie. Gaan nou en doen soos wat Ek gesê het sodat julle almal wedergebore kan word in die kortste tydjie moontlik. Die wedergeboorte sal EK vir elkeen gee wat opreg en met groot liefde daarna verlang. EK het baie werk vir julle en wanneer julle wedergebore is, sal julle dit met die grootste gemak kan doen en nie moeg of mat raak nie. Julle sal alles kan doen vanuit MY en niks sal vir julle ‘n hindernis wees nie. Het julle al ooit gewonder waarom EK so baie oor die wedergeboorte praat en waarom EK julle so aanspoor om die hele tyd aan julleself te werk? Dit is omdat die tyd so min is dat julle nie meer lang tyd het om julleself in nuwe mense te omskep nie. Nee, My liefde sal julle verander en nuwe mense van julle

maak. Gaan en glo net wat EK vir julle sê sodat julle almal vir MY kan werk nadat jy wedergebore geword het. EK sal julle daarmee help en julle die krag daarvoor skenk. Weet net dat MY weë ondeurgrondelik is en niemand MY weë kan verstaan nie. Wees egter van MY liefde verseker en gaan in vrede na julle naaste met MY liefde wat in julle harte sal groei totdat julle hulle ook na MY gebring het, deurdat julle wedergebore geword het. Dit is MY woorde aan julle vir vandag. Kyk maar na die lug, as die wolke opsteek sal dit reën. Kyk na MY en julle sal wedergebore word want dit is nou die tyd daarvoor. MY tyd het nou gekom om MY vegters in die wêreld in te stuur sodat hulle lewe kan bring na die dooies deur MY GEES wat in hulle gegroei het totdat hulle heeltemal deurdrenk daarvan is. Kyk maar, julle sal binnekort alles sien gebeur.

Amen.

# Hoofstuk 2

***04.03.2008 15:57***

Kom nou almal nader wat na MY wil kom en die ewige lewe uit MY hande uit wil ontvang en EK sal vir julle meer gee as waarop julle gehoop het. EK sal julle Een met MY maak en alles vir julle gee as julle MY bo alles liefhet. Die wat MY as beloning wil hê, sal MY as beloning ontvang en julle sal dan alles hê wat julle nog ooit kon begeer. In teendeel julle sal meer hê as dit wat julle in julle wildste drome ooit van kon droom omdat Ek meer is as alles waaraan jy kan dink. EK weet dat daar baie van julle is wat MY bo alles begeer en wat net vir MY wil hê en niks anders nie. MY kinders, EK ken elke een van julle se siele en weet dat daar geen bedrog in die is wat MY baie liefhet nie. Al kan jy nog nie MY stem herken wat hier in jou binneste praat nie, sal jy die grootste beloning ontvang omdat jy na MY soek en jy MY sal vind. Glo net dat Ek ook met jou sal praat en wees verseker daarvan dat EK MY na jou sal haas sodat jy ook die vervulling kan ontvang wat almal ontvang wat MY kan hoor. MY kinders, hier is ‘n ander ding wat EK aan julle wil verduidelik en dit is die wedergeboorte self, wat julle nie mooi verstaan nie. Die wedergeboorte beteken dat

jou wil heeltemal ingegaan het in MYNE. Jou wil is dan nie meer jou eie nie, maar jy het dan heeltemal oorgegee aan MY en begeer niks meer vir jouself nie. Die wedergeboorte beteken dan dat jy heeltemal nie meer jouself is nie, maar tog is jy nog steeds jouself, maar in ‘n nuwe gedaante. MY GEES sal almal wat graag wil en wat sy eie liggaam gekruisig het heeltemal oorneem en vul met MY krag sodat jy wonderwerk op wonderwerk kan doen. Dit sal julle binnekort self kan sien wanneer een van MY knegte wedergebore is. EK sal dit aan julle almal toon en julle sal hom sien en die wat van goeie wil is en vêr gevorderd in hulle geestelike lewe, sal dan deur net na hom te kyk, self wedergebore word. MY lig sal uit hom straal en almal omgewe wat hom graag wil ontmoet. Hy sal nie meer sy ou self wees, met al sy sondes nie en hy sal ‘n heel nuwe mens wees, maar nog die mens wat sy eie persoonlikheid het. Dit is vir julle nou baie moeilik te verstane, maar julle sal dit binnekort self sien. Dit waarvoor die engele in die hemele gewag het sal nou begin gebeur. MY engele kan nie meer wag vir die boodskappers om terug te keer na hulle nie omdat hulle mekaar al baie goed ken deur al die jare. MY boodskappers kan nie verstaan dat hulle die engele kan ken nie omdat hulle so sondig is, en omdat hulle net onvolmaakte mense is, maar EK sê vir julle dat dit werklik so is. Hulle is net deur MY na die aarde gestuur omdat dit hulle missie is om MY kinders na MY te lei en hulle op die groot stryd bedag te maak en hulle voor te berei. MY kinders, deur die eeue heen het dit nog nooit gebeur dat mense net wedergebore geraak het nie omdat dit iets is waarvan feitlik niemand ooit geweet het nie, maar noudat Ek weer na julle gekom het in die vorm van MY nuwe openbarings, het die tyd weer aangebreek vir julle om met MY EEN te kan word al is julle maar net onvolmaakte mense. Kom luister na MY woorde wat vol lewe is en jy sal verstaan waarvan EK praat. Julle kan nie dink dat die tyd so kort kan wees nie, maar EK sê vir julle dat dit werklik so is. MY seuns en MY dogters, julle kan maar verseker wees daarvan dat Ek vir julle nie aan ‘n lyntjie sal hou en beloftes sal maak wat EK nooit sal nakom nie. Julle moet weet dat Ek julle almal, waarvan EK al voorheen gesê het dat julle almal met MY EEN sal wees, beslis Een met MY sal maak omdat julle ernstig daarna soek en omdat

MY werk nou vir julle begin het. Dit is nou tyd dat MY kinders moet uitgaan en vir MY werk met MY GEES aan die stuur van sake. Luister net na die persoon wat langs jou staan en jy sal MY woorde in sy binneste uit sy mond hoor stroom. EK praat met baie mense en hulle begin verstaan waaroor dit gaan en hulle sal dan ook die eerstes wees wat in die Gees wedergebore sal word. Dit is iets wat nog nooit weer gebeur het sedert EK MY dissipels en die wat saam met MY gewandel het, met MY Een gemaak het nie. Maar daar is sekere dinge wat gedoen moet word en daarom is dit broodnodig dat hulle nou met MY moet verenig en hulle werk moet begin. Die werk wat hulle vir MY moet doen, sal niemand kan doen sonder dat hy deur en deur met MY GEES vervul geraak het nie. Glo MY woorde omdat dit die waarheid is, al klink dit vir julle snaaks. MY kinders daar is nie meer tyd oor vir allerhande wêreldse dinge nie en EK wil hê dat julle die hele tyd net aan MY moet wy sodat EK julle Een met MY kan maak. Die een wat nog aan die wêreldse dinge vasklou is MY nie werd nie. Gooi dit van julle af en volg MY in alles na en jy sal baie vinnig met MY verenig en wedergebore word. Daar is baie wat daarvan afhang en dit is baie belangrik aangesien die dinge nie meer vêr is nie. Julle sal met MY verenig in die liefde en krag en alles waaruit MY GEES bestaan, met ander woorde as EK vol liefde is, sal julle ook so wees en as EK vervul is met krag, sal julle vervul wees met krag en sal julle julle werk, wat so kosbaar is vir MY, kan doen. Luister na MY, MY kinders en kom soek die Eenwording met MY met ‘n ernstige hart en jy sal dit ook bereik wat baie min kan bereik. EK gee dit net vir die opregte van hart wat dit so graag wil hê en wat bereid is om alles af te staan vir MY, sy enigste GOD en Vader. Die oes is groot en die arbeiders is min, kom gee jouself oor aan MY sodat jy ook deel van MY arbeiders kan wees wat MY oes vir MY insamel. EK sal alles aan die arbeiders gee wat hulle nodig het en niks sal hulle ontbreek nie omdat die oes baie belangrik is vir MY en die arbeiders nie net arbeiders is nie, maar MY kinders en MY vlees en bloed. EK gee dit vir julle almal wat dit begeer, verniet en vry en julle sal daardeur die grootste vryheid verkry wat julle nog ooit kon begeer. Gooi alles in die stryd en julle sal oorwin met MY krag en wanneer jy oorwin het, sal jy juig omdat jy dit bereik het wat baie

min kan bereik. Net MY GEES kan dit vir jou moontlik maak om dit te bereik en daardeur sal jy die ewige lewe hê en alles wat daarmee saamgaan. Julle het nie ‘n benul van wat op julle wag wanneer julle Een met MY geword het nie omdat dit alles sal oortref wat julle nog ooit aan gedink het en julle sal ander mense wees wat die hele tyd jubel en juig en dit sal vir die ander ook ‘n aansporing wees om dit te wil bereik. So, MY lieflingkinders, wees gerus en kom na MY wat alles in alles is en word Een met MY, julle Vader en Skepper wat julle baie liefhet en wat verlang om julle teen MY bors vas te hou terwyl julle daarvan bewus is. Kom na MY en gee jou oor aan MY reiniging en jy sal skoon genoeg wees om MY GEES heeltemal te ontvang sodat die Eenwording met MY vervul kan word. Dit is nie meer vêr nie en sal eersdaags begin onder die wat MY baie liefhet.

Amen.

# Hoofstuk 3

***05.03.2008 07:27***

EK kyk met liefde op julle neer en wandel saam met julle waar julle ook al gaan. EK sien julle elke daad, en elke woord word deur MY gehoor wat julle spreek. EK sien die een wat MY met sy hele hart soek en EK begenadig hom of haar. MY seuns en My dogters, julle is kosbaar in MY oë en Ek kyk na julle met oë vol van die teerste sagste liefde. MY liefde sal julle almal omring en van julle wedergebore kinders maak wat op MY skoot kom sit en MY liefhet. EK sal ter wille van die liefde niemand wegwys nie en elkeen wat na MY soek sal deur MY opgeneem word sonder dat Ek ooit weer aan sy sondes dink. Julle sal mekaar weer sien as nuwe mense en al die onmin wat tussen julle heers sal deur MY liefde weggewaai word. Daar sal niks daarvan oorbly nie omdat MY liefde in elkeen se hart sal oorheers. Luister net na MY woorde van liefde vir julle elkeen en julle sal besef dat alles wat julle is en alles wat julle het, is net MY genade en liefde. Gaan na julle broers en susters, omhels hulle in MY liefde en julle sal sien hoedat alles verander vir julle. In die omgewing waar die bose is, sal daar altyd onmin heers en julle sal sien hoe die bose die

oorhand het as julle mekaar nie in liefde behandel nie en die ‘eie ek’ wat te groot is, is ‘n groot oorsaak daarvan. Daar waar die “eie ek” nog teenwoordig is, is daar altyd ‘n gevoel van ongelukkigheid en ontevredenheid. Gee die “eie ek” aan MY oor sodat EK jou tot ‘n nuwe mens kan skep en jy sal sien hoedat alles om jou dan begin verander. Wanneer jy te gou op jou perdjie spring, sal jy agterkom dat jou omgewing nie baie plesierig is nie en gou-gou sal daar bakleiery ontstaan. So, MY kinders, let op na julle gevoelens en wanneer jy agterkom dat jy geïrriteerd voel of ongelukkig, moet jy weet dat die “eie ek” die oorsaak daarvan is. Die “eie ek” word net gesmoor deur die reine opregte naasteliefde en natuurlik die reinste liefde vir MY. MY liefde het die krag om van die grootste monster ‘n liefdevolle pragtige mens te maak. Luister na MY woorde. Neem dit ter harte en jy sal leef. Luister na MY woorde en doen soos wat EK sê en jy sal volle vreugde vind. Daar is nie ‘n groter vreugde as die vreugde wat jy ondervind deur MY te dien nie en daarvan kan MY skryfkneg getuig deur dit wat sy al vir MY moes doen. Julle moet MY bo alles stel en wanneer jy nog van die “eie ek” in jou het, het jy MY nog nie bo alles gestel nie omdat jy dan nog jouself bo MY stel. Dit is dan die rede waarom daar bakleiery uitbreek tussen mense wat veronderstel is om in liefde met mekaar saam te leef. Gee jouself op en wees nederig, oud en jonk en luister na MY woorde. Niemand kan in die “eie ek” oorleef nie, maar almal kan oorleef in die liefde wat van MY af kom. Liefde is die eerste en die laaste en dit beteken dat EK die Eerste en die Laaste moet wees in jou lewe. Julle is geneig om te dink dat die ander een teveel “eie ek” in hom het as julle begin baklei, maar EK wil vir julle sê dat as jy nog kwaad kan word vir jou naaste en hom nie met sagte woorde van liefde kan antwoord nie, al het hy jou te na gekom, is daar nog net soveel “eie ek” in jou teenwoordig. Eers wanneer jy kan stilstaan en stilbly wanneer iemand jou slaan of vloek, is daar niks meer “eie ek” in jou teenwoordig nie. Nou, MY kinders, daar waar die “eie ek” nog is, kan EK nie inkom en Een met jou word nie en daarom maan EK julle om die “eie ek”, of die te groot ego, van julle af weg te werp sodat julle kan nederig wees en EK MY GEES oor julle kan uitstort en julle met MY verenig kan word. Dit is MY woorde aan julle vandag en EK wil hê dat elkeen van julle

nou-nou stil moet gaan sit, die aardse werk eenkant moet sit, en met MY kom praat sodat EK vir julle kan wys waar julle foute nog lê, sodat Ek met julle Een kan word. Glo net as EK vir jou sê waar jou foute lê, want as jy nie glo as EK jou op jou foute wys nie, beteken dit dat jou ego nog te groot is. Let op na die manier waarop jy My woorde aanneem wanneer EK vir jou jou foute uitwys en dit sal vir jou ‘n aanduiding wees van hoe groot jou “eie ek” nog is. Die “eie ek” verhoed jou om met MY GEES vervul te raak. Gooi eers jou “eie ek” weg sodat jou houer met MY gevul kan word. EK sal die houer met die “vuil” van die “eie ek” was, en hom skoon aan jou terug gee, gevul met die wonderlike Liefde van MY GEES.

Amen.

# Hoofstuk 4

***06.03.2008 11:45***

Kyk na my in oomblikke van vrees en julle sal krag van MY af ontvang vir die stryd wat vir julle voorlê. Julle sal julle krag alleen van MY af ontvang sodat julle sterk kan word deur net in MY gesig te kyk. EK sal elkeen wat onwrikbaar op MY vertrou, met krag vervul en hulle sal dan die stryd met ope arms tegemoet kan gaan en weet dat EK aan die stuur van sake is. Daar is baie mense wat ‘n stryd het in hulle harte of ‘n fisiese stryd, maar EK wil vir julle sê dat niemand julle van MY af kan wegvat as julle net op My vertrou nie. EK sal die skeidsregter wees en EK sal die sake vir julle skik in die guns van die een wat MY liefhet. As daar ‘n stryd tussen twee broers is en hulle altwee het MY lief, sal EK hulle altwee help en vir hulle die saak afhandel sodat hulle in vrede en liefde bymekaar kan woon. MY kinders, MY opdragte moet nagekom word ten spyte van wat iemand anders vir jou sê. Luister heel eerste na MY en wanneer jy dan in die moeilikheid kom daaroor, sal EK jou uithelp op die manier wat vir MY die beste is. Daar is niks wat vir MY te groot is nie omdat EK die Koning van die heelal is en niks te ondeurgrondelik of te wys vir MY is nie. Moenie vrees nie, want as julle vrees, belemmer julle MY werke in en om julle. Menigmaal het julle die verkeerde ding

gedoen deur te vrees vir die uiteinde van ‘n saak net omdat julle nie geloof en vertroue in MY het nie, maar EK wil vir julle weereens gerusstel deur te sê dat niks gebeur buiten dit wat EK toelaat nie. EK laat dinge toe en EK keer dinge. EK is ten volle in beheer van elke liewe dingetjie, al is dit hoe klein. Niks kan voor MY standhou nie, nie eers die grootste woede nie, en deurdat julle vrede soek met julle naaste en MY bo alles liefhet, sal EK vir julle die saak in julle guns rig. Die ander partye sal ook deur MY gehelp word sodat altwee gelukkig en tevrede is. Los dit net in MY hande en vertrou net op MY, want dit is ook ‘n stap in die rigting van die volle wedergeboorte wat sal plaasvind die oomblik nadat jy heeltemal oorgegee het aan MY en alles in MY hande toevertrou. Leer dit nou, MY kinders, dat julle alles vir MY moet los en die stryd nie uit julle eie moet veg en dink wat julle moet sê en doen nie, maar alles vir MY moet gee want EK is die Alleenwyse en net EK alleen weet wat om te doen. Julle sal almal by MY leer en julle sal sien hoe die ergste ding vir julle opgelos word op die mooiste manier denkbaar, wanneer julle dit vir MY gee. EK weet waarom sekere dinge in julle lewens nodig is en waarom julle die stryd moet hê wat julle tans het. EK sal ook die uitkoms gee terwyl julle nie die ligpunt sien nie. Die lig is EK en as julle net julle oë onafgewend van MY hou, sal julle die sukses smaak van ‘n goed opgeloste saak. Daarom moet julle julle geen sorge maak van alles nie en in die volste vreugde vir MY ‘n lied sing want dit is wat nodig is om die saak vir julle te skik. EK ALLEEN HET GEPRAAT .

Amen.

# Hoofstuk 5

***9 Maart 2008 08:13***

Luister na MY, MY kinders, julle wat na die wedergeboorte smag. EK ken julle almal by die naam en weet wie die eerste is wat daar sal ingaan en wie die eerste is wat in die GEES met MY sal verenig. Julle almal wil dit hê, maar daar is sekere vereistes voor julle dit kan bereik. MY GEES is rein en niks wat onrein is, kan voor MY aangesig bly bestaan nie, so, as MY GEES in jou

binneste kom met sy onreinheid sal jy heeltemal doodgaan omdat MY GEES al die onreinheid sal verbrand. Dit sal dan die fisiese dood vir die betrokke persoon beteken. Daarom reinig EK julle en vat julle deur die dal van doodskaduwee sodat julle al julle ou slegte gewoontes kan aflê en eerlik en ernstig voor MY kan staan. MY kinders, julle wat na die wedergeboorte smag, sal deur MY deur diep waters gestuur word sodat julle al die vuil kan aflê en dit is dan die rede dat dit met elkeen van julle op ‘n manier sleg gaan. Dit is MY genade en nie uit ongenade en ongenaakbaarheid nie. Julle sal nooit deur MY verlaat word nie omdat EK julle baie liefhet en ook daarna verlang om Een met julle te wees. Maar die onreinheid in baie van julle keer MY werking en daarom moet EK julle met baie dinge reinig. Party moet EK met ‘n siekte en baie pyn reinig. Ander moet EK met seerkry reinig en ander weer op ‘n ander manier. Julle sal bly wees die dag wanneer julle deur alles gegaan het en MY kan sien en heeltemal Een met MY kan wees, want groter vreugde as dit kan niemand kry nie. Daar is tans ‘n hele paar mense wat die eenwording met MY heeltemal ernstig opneem en alles in die stryd werp om met MY te kan verenig en EK is hulle genadig en sien hulle aan. Hulle sien egter MY genade as iets om te vrees want MY genade bring oor hulle dinge wat hulle reinig, en dit maak seer. Maar EK wil julle almal gerus stel dat julle niks te vrese het nie. Gaan en doen wat EK julle gee om te doen en julle sal juig en jubel. Wees net gerus, die eenwording met MY is ‘n stadige en ‘n langdurige proses, maar as jy eers oor die drumpel gestap het, sal dit baie vinniger gaan as wat jy dink. Jy sal dan in ‘n rekordtyd deur MY gereinig word en die Eenwording met MY sal baie vinnig geskied. Voor jy mooi weet wat aangaan is jy Een met MY omdat EK dit ook begeer. Die diamant in elkeen se hart moet eers geslyp word voordat dit perfek is en eers dan, sal EK MY intrede kan maak. Gaan nou en kom vra MY vir die reiniging al is dit vir julle seer omdat dit die eenwording, of die volle wedergeboorte tot gevolg sal hê. Dit is ‘n swaar pad wat vir julle voorlê en julle sal vir MY deur die hel moet stap, maar die voorstes is al klaar deur, en daardeur het hulle vir julle almal die pad baie makliker gemaak. Glo MY woorde, die eerstes wat deur die hel vir MY gestap het, het ongedeerd aan die anderkant uitgekom, al het hulle baie pyn verduur. Maar EK

het elke tree saam met hulle gegaan en hulle is nou veilig aan die anderkant. MY kinders, julle sal nooit weet wat julle vir MY beteken nie en as iemand bereid is om vir MY in die hel in te gaan, sal EK daardie persoon in alle opsigte bystaan en lei. Daarom wil EK ook hê dat julle ook bereid sal wees om vir MY deur die hel te gaan, aangesien EK vir julle deur die hel gegaan het. Die wat te bang is daarvoor, sal nie deur MY veroordeel word nie, maar hulle loon sal net kleiner wees as die wat bereid is om deur dit alles te gaan ter wille van MY. Die hel waardeur MY kinders gaan sal baie dinge van hulle af wegbrand en hulle sal skoner en reiner aan die anderkant uitkom. Dit is ‘n belofte van MY om julle nooit in die steek te laat nie, al is julle in die hel vir MY. Wat behels die staptog deur die hel? Dit sal iets wees wat vir elkeen baie swaar sal wees om te dra en net EK weet wat om oor iemand te bring sodat dit vir hom voel asof hy in die hel is. Maar as EK MY ander kinders daaruit kon gaan haal en hulle ongedeerd aan die anderkant kon uitkom, kan EK dit vir julle ook doen, is dit nie waar nie? Hulle is nou geskik om MY GEES te ontvang en sal dit binne die volgende paar dae dan ook ontvang en alle hartseer en pyn sal iets van die verlede wees. EK wil elkeen ten volle hê en as julle bereid is om alles vir MY te gee, sal julle ook alles van MY ontvang. Dit is MY genade en liefde vir julle almal wat na die Eenwording met MY smag. MY kinders, weet dat EK die sagmoedigste van almal op aarde was en nog steeds sagmoedig is, al vra EK julle om deur die hel te gaan vir MY. EK vra dit vir julle omdat EK die beste beloning aan julle wil gee daarvoor. Wees bereid om daardeur te gaan vir MY en jy sal met die grootste Geskenk denkbaar beloon word.

Amen.

## Hoofstuk 6

***11.03.2008 om 07:08***

Daar is so baie verskynsels wat vir julle so snaaks voorkom en julle verstaan niks daarvan nie, maar Ek wil weereens vir julle die versekering gee dat EK in beheer is. Soos byvoorbeeld die nag van die lang messe. Julle verstaan nie waarom daardie ding moet

gebeur nie en in julle verwardheid sien julle nie MY hand daarin nie. MY kinders, julle was ‘n edele volk en nou het julle heeltemal verval tot ‘n volk waarop daar getrap word omdat julle MY gebooie vertrap het. EK het julle altyd gelei en julle as volk so geseën sodat julle niks tekort gekom het nie. Om die waarheid te sê was julle almal in alles voor net omdat EK julle so geseën het. Julle weet nie wat regtig in die ander lande aangegaan het nie, maar EK, julle Vader en Verlosser kan vir julle sê dat julle hulle myle vooruit in alle opsigte was. Geestelik sowel as vleeslik. Maar in sy domme wysheid het satan dit goed geag om julle te verlei en hy sou dit nie reggekry het nie as julle net onwrikbaar in MY bly glo het en op MY alleen vertrou het nie. Julle het stelselmatig van MY af weg gedwaal deur die verandering van julle landswette en deurdat daar gemors van oorsee ingebring is wat julle hele wese besoedel het. Daar het julle begin val. EK weet dat julle voorgeslagte MY nie gedien het soos wat EK altyd wou gehad het nie, maar hulle het ten minste baie respek en eer vir MY gehad. Dit sou EK maklik kon regstel het as hulle so gebly het en EK sou die oorgrote respek en eervolle betuigings van hulle maklik in liefde vir MY omskep het as hulle so gebly het, en nie die gemors van die ander lande aan hulle kinders kom bekend stel het nie. Sien julle nou waarom julle so verval het tot ‘n swak en nietige oorblyfseltjie? EK het vir MY ‘n handjievol oorgehou, en was dit nie vir julle wat nog getrou aan MY gebly het en julle nie vermeng het met die ander nasies nie, sou julle lankal uitgewis gewees het. MY kinders, Ek sal die wat MY getrou gebly het ook getrou bly tot in ewigheid omdat EK díe beloon wat op MY wag. Wag op MY en EK sal julle uitred uit die hande van julle verdrukkers. Gaan julle gang sonder vrees want EK, julle Jahshua is met julle en sal julle altyd help wanneer julle in die moeilikheid sit. EK wil julle vashou teen MY bors maar daar is nog teveel onreinheid binne julle en daarom moet EK julle volkie nou suiwer. Baie mense se oë het oopgegaan omdat hulle weet van die verskriklike nag wat nog voorlê en hulle kom skaar hulle by MY voete en daardeur sal hulle gered word van ‘n afgryslike dood. EK sal egter net die red wat hulle nie versondig het met die ander nasies nie en hulle rein en suiwer wou hou tot aan die einde. MY engele staan gereed om die te red wat na MY roep in die dag van

benoudheid maar wat MY ook geken het voor die groot benoudheid. Daar staan geskrywe dat nie almal wat MY aanroep gered sal word nie en dit beteken net die volgende; dat net die gered sal word wat MY voor die tyd in hulle vreugde en hartseer aangeroep het, gered sal word. EK is nie Iemand waarop jy kan terugval wanneer niks meer vir jou wil uitwerk nie. EK is jou Vader wat altyd by jou wil wees en in alles met jou wil deel. Moenie MY afskeep en van MY vergeet en die dag wanneer jy regtig probleme het, en jy nie meer 'n uitkoms het, na MY kom nie. Daar is wel mense wat MY so vind, maar sonder dat hulle dit weet het hulle MY nog altyd liefgehad en het tog so af en toe aan MY gedink en gebid. EK ken elkeen se hart en weet wie daardie persone is en EK sal hulle ook help, maar dit is net die absolute goddeloses wat so stief deur MY behandel sal word. Dit klink miskien vir julle baie wreed van MY, maar julle weet dat EK net liefde en genade is en dat EK wel vir daardie mense in die hiernamaals ook plek gemaak het en dat EK hulle dáár sal help om by MY uit te kom sodat hulle nie volkome verlore gaan nie. Baie mense het MY eers in die hiernamaals gevind en baie liefgekry en hulle is vandag van MY engele en daarom mag julle nie lelik van ander praat nie, al was hy 'n volslae duiwel op aarde. Miskien het daardie duiwel waarvan jy nou so praat heeltemal na MY gekeer in die hiernamaals en beskerm hy jou nou terwyl hy 'n engel van MY is. Julle weet nooit wat met iemand aan die ander kant gebeur nie, totdat julle self hier aanland of heeltemal Een met MY word, dan sal julle eers alles verstaan. Gaan nou vandag en soek MY heel eerste in jou hart voordat jy met jou aardse werk voortgaan.

Amen

# Hoofstuk 7

***11.03.2008om 07:40***

Baie van MY kinders is belas met siektes en baie pyn en vir hulle wil EK net sê dat EK daarvan bewus is en dat EK hulle sal help op die tyd wat EK bestem het. EK sal hulle almal help en weet waarom EK dit oor hulle lewens gebring het. Is dit nie waar, dat jy

baie meer bid en vra wanneer jy pyn beleef nie? Voel jy nie in jou siel bedroef en verlang jy dan nie na MY teenwoordigheid nie? Dit is dan waarom EK dit oor jou lewe gebring het. MY roepe na jou was tevergeefs in die verlede en nou wil EK hê dat jy moet stil lê en net aan MY dink. Wanneer jy besig was met jou aardse take het jy nie veel aandag aan MY gegee nie omdat jy te besig was, maar nie omdat jy MY nie liefgehad het nie en daarom wil EK nou hê dat almal wat MY liefhet, maar baie pyn verduur en die hele tyd stil moet lê, hieraan moet dink. Julle was besig met MY dinge en nie met MY soos wat EK dit wil hê nie. Persoonlik kom EK eerste by elke een van julle. MY kinders, selfs MY knegte wat MY baie liefhet begin partykeer van MY vergeet en konsentreer so op die werk wat EK vir hulle gegee het om te doen, dat hulle vergeet om op die liefde vir MY te konsentreer en dit is dan waarom EK dinge oor mense se lewens bring wat vir hulle ondraaglik voorkom. Luister nou na MY en weet dat EK julle nooit sal verlaat nie, maar die weg wat jy gevolg het sou net tot die saligheid gelei het en nie tot die toppunt nie. EK het vir julle almal baie meer bestem en julle kan dit net bereik deur die ware liefde vir MY. MY kinders die ware liefde vir MY sal julle almal in julle binneste ervaar wanneer julle elke liewe dag en nag, en feitlik elke liewe sekonde aan MY dink. Dit klink vir julle miskien onmoontlik, maar EK verseker julle dat dit kan gebeur en dat dit nie vir julle moeilik sal wees wanneer julle eers eenkeer MY liefde gesmaak het nie. MY liefde binne jou hart sal jou dan nader aan MY trek en jy sal nie kan ophou om aan MY te dink nie, en daarom raai EK julle dan ook aan om meer in afsondering met MY te gaan, sodat jy MY dieper en dieper kan leer ken. As jou geestesoog eers oop is en jy kan MY sien, sal alles vir jou helderder en duideliker word en jy sal geestelik baie vinniger groei. EK sal julle oë oopmaak op die bestemde tyd en julle sal agterkom dat julle dinge om julle kan waarneem en beter verstaan. Maar dit kom net met die liefde vir MY en daarom wil EK julle aanspoor om die hele tyd in die liefde te wandel. Dink aan MY en weet dat EK by jou is en jy sal hierdie dinge baie gou beleef. Lewe net in die liefde vir MY en vir jou naaste en jy sal groei in MY sodat jy heeltemal Een met MY kan word. MY kinders, dit klink miskien vir julle baie moeilik, maar dit is nie, want die liefde doen alles vir jou. As jy MY net bo alles

liefhet, sal dit vir jou al hoe makliker en makliker word en jy sal MY kan sien en nog liewer word vir MY. Dit belowe EK vir julle almal wat na MY en die Eenheid met MY soek.

Amen.

# H o o f s t u k 8

***12.03.2008 Om 07:10***

EK,Jahshua sit vir julle en wag en Ek wil hê dat julle soos kinders na MY moet kom en MY kom vra wat daar is wat julle vir MY kan doen. EK het so baie werk en daar is so min arbeiders wat vir MY kan help met die oes. Nou vra EK weereens of daar nie nog mense is wat bereid is om vir MY en vir sy naaste te gaan werk nie. Die werk sal bestaan uit opofferinge wat gemaak moet word, en selfverloëning is baie belangrik daarvoor. Jy sal bereid moet wees om alles vir MY op te gee en die pad met dorings en al te stap. MY kinders, as julle net dink aan julle naaste wat nog vasgeval sit in die wêreld van dorings en sonde, sal julle moet erken dat daar baie dinge is wat nog gedoen moet word vir MY en die naaste. Deurdat julle MY dien, sal julle julle naaste dien, of anders gestel, as julle MY wil dien, sal EK julle na julle naaste toe stuur. Dan sal julle in MY diens wees, en dit gaan soms moeilik wees om dit te doen, maar met die swaar werk wat voorlê sal EK julle ook van alle krag voorsien wat julle nodig het. MY kinders, julle weet nie wat nog voorlê voor die groot stryd verby sal wees nie en vir daardie swaar werk het EK mense nodig wat hulleself heeltemal aan MY kom oorgee sodat EK hulle kan vul en hulle die nodige talente kan gee om die werk vir MY te verrig. Nou vra EK julle, is daar nog iemand wat vir MY wil kom werk? As daar is, sal julle asseblief kom aanmeld by MY herberg? Al wat julle hoef te doen is om daarheen te gaan sodat julle MY stem daar kan hoor en sodat EK jou gereed kan kry vir MY opdragte aan jou. MY kinders, EK is voorwaar orals en EK sal MY kinders orals beskerm en wanneer jy graag wil, sal jy MY stem enige plek kan hoor, maar die punt is, dat daar by MY herberg, EK vir alles sorg en niemand 'n vinger hoef te verroer om geld in die hande te kry om te kan oorleef nie. Daardie las haal EK van julle skouers af

sodat julle meer op MY kan konsentreer. Terwyl jy in die wêreld werk, kan jy nie jou volle aandag aan MY gee om MY werk te kan verrig nie, en daarom roep EK julle hierheen. Hier by MY herberg sal julle net die werk doen wat EK aan julle opdra om te doen en dit sal vir julle almal baie goeie oefening wees. Hier by My herberg is EK die Een wat sorg vir die kos en alles wat nodig is vir oorlewing. Julle weet dat die stryd in die land baie naby is, nê? Nou daarom berei EK almal wat daar is solank al voor vir dit wat hulle vir MY daar sal moet doen sodat julle naastes wat daarheen moet kom in die uur van nood, gered kan word en versorg kan word. EK sal daar MY hospitaaltjie oprig en EK is nou al besig om mense op te lei om die gewondes wat daar aan sal kom, te kan verpleeg soos wat dit MY behaag en nie die wêreld nie. MY kinders wat daar is, sal met MY krag mense genees en nie met wêreldse geneesmiddels nie. Dit kan julle maar glo omdat daar in die tyd van die stryd nie geneesmiddels beskikbaar sal wees nie. Die geneesmiddels wat EK vir MY kinders sal gee is, geloof, hoop en liefde. Daar is tans van hulle wat al daar is wat al baie daarvan vergader het en dit sal kan gebruik tydens die groot stryd wat kom. Daarom sal dit die veiligste plek in die land wees omdat MY GEES daar heers en alles in stand hou daar. Daar is die geskikste plek om jou siel te laat ontwikkel omdat alle aardse dinge daar minder tel as die Geestelike dinge, en waar op aarde is daar nog so ‘n plek waar dit so is? Nêrens, MY kinders, daarom nooi EK julle hierheen en druk dit vir julle op die hart dat julle net hier die geskikte opleiding sal ontvang om julle naastes uit die kloue van die dood te gaan red tydens die groot stryd wat kom. Ter wille van jou naaste, wat jy weet nog nie reg is nie, moet julle julle hierheen haas sodat julle alle krag van MY kan ontvang om vir MY en vir julle naastes te kan werk. Die kind wat MY werd is, sal eerstens aan ander dink voordat hy aan homself dink en dit sal ook die groot rede wees dat mense hierheen sal kom, om krag van MY te kan ontvang sodat hulle hulle naastes kan gaan help. Wees vervul van MY liefde en dink daaraan dat die tyd in elk geval nie meer genoeg is om geld en rykdom in die wêreld bymekaar te maak nie en dat dit julle niks sal baat nie, en daarom sal dit raadsaam wees as julle alles net so los en na MY herberg kom vir dit wat julle werklik nodig het. Wat het julle nodig? Geloof,

hoop en liefde en dit is volop daar, want EK is daar teenwoordig. Amen

# Hoofstuk 9

***14 Maart 2008 07:07***

As jy voel jou hart is vol smart, kom na MY en EK sal dit vir jou wegvat. In jou hart, waar EK is, sal jy vind dat daar nie meer pyn is wanneer jy MY daar soek nie. EK sal jou hart versterk sodat jy kan aangaan sonder die hartseer wat aan jou knaag. EK maak alle harte wat na MY soek sterk sodat hulle vol van MY kan wees en die smart daaruit kan verdryf. Kom na MY, MY kinders en EK sal julle sterk maak sodat jy nie onder die las van die hartseer beswyk nie. Daar is baie mense wat daarvan kan getuig omdat dit die waarheid is en omdat EK getrou is. Weet julle nie dat niks onmoontlik by MY is nie? EK kan alles doen, tot die grootste hartseer sal EK tot niet kan maak as jy net op MY vertrou. Dit is wat EK al vir MY skryfkneg gedoen het en sy kan getuig daarvan. Sy kan vir julle vertel hoe EK haar grootste hartseer in die grootste vreugde verander het. Dit sal elkeen van julle te beurt val wanneer julle MY julle eerste maak en MY die heeltyd in julle harte aanroep. Dink daaraan en vertrou net op MY Almag om die grootste probleem vir julle te verander in die grootste vreugde. Daar is niks op hierdie aarde wat EK nie kan doen nie en daarom sal EK enigiets doen vir MY kinders wat MY liefhet. Baie keer is daar probleme wat jy nie self geskep het nie en dit is dinge wat EK oor jou pad gebring het om jou sterk te maak in MY en ook sodat jy kan sien hoedat EK dit vir jou sal kan oplos. Die probleme en die oplossings wat EK vir julle bring, sal dan meebring dat julle MY grote liefde en getrouheid vir julle raaksien. Daarom bring EK dit oor julle en na die tyd juig julle as julle besef hoe julle daardeur gegroei het. Dit is alles toetse vir julle en dit maak julle sterk, al voel dit vir julle of julle geloof eintlik daaronder skipbreuk lei. Maar in der waarheid maak dit julle net sterker en sterker en dit laat tog julle liefde vir MY groei. MY kinders, julle almal het 'n waterval in MY ryk wat julle liefde vir MY voorstel. Soos wat julle liefde vir MY groei, groei die waterval ook en

verskyn daar dinge wat julle grote liefde vir MY aandui. EK het al aan sekere mense getoon hoe hulle watervalle lyk en ook na ‘n sekere tyd en veral na probleme wat hulle ondervind het, sien hulle dit weer, maar dan lyk die waterval anders en kan hulle dit dikwels self nie herken nie, omdat hulle liefde tussentyd vir MY gegroei het en die waterval dan nou anders daaruit sien. MY kinders, julle sal baie dinge nie nou verstaan nie omdat julle nog babas in die gees is, maar soos wat julle groei, sal julle al hoe meer en meer verstaan. Dit is MY manier om julle groot te maak tot volwassenes in die gees wat MY in MY volheid sal kan aanskou. MY seuns en MY dogters, dit is alles deel van die proses van die wedergeboorte en julle sal baie bly wees daaroor as julle eens julle lewens afgelê het en MY in MY volle glorie kan aanskou. Julle weet dat daar baie dinge voor nodig is voordat julle ten volle wedergebore kan word en net so is dit nodig vir julle om baie dinge deur te maak voordat julle in die ryk hierna, na MY kan kom. Maar as julle julle lewens afgelê het, en nie reg is nie, sal julle ‘n baie langer tyd nodig hê om julleself gereed te kry om MY te kan aanskou en daarom wil EK almal op aarde wat bereid is om deur MY geleer te word, nou op aarde leer en brei en gereed kry vir die wedergeboorte wat voorlê. MY kinders, die wedergeboorte is nie ‘n maklike proses nie en niemand gaan dink dat dit ‘n grap is, as hy eers daardeur gaan nie, maar niks is maklik in die lewe nie, behalwe wanneer julle MY in julle harte het. Dan sal alles vir julle maklik wees en julle sal oor al die probleme en dinge wat EK oor julle pad bring, vlieg en niks sal julle dan van MY kan afdwing nie. Al wat EK wil hê is ‘n hart wat bereid is om voort te gaan met die wedergeboorteproses en ‘n hart wat oorloop van liefde vir MY en sy naaste. Net die liefde sal julle deur die prosesse kry en julle sal heel en volwasse aan die anderkant uitkom. Dink hieroor na en kom verklaar jouself bereid om deur MY geskool te word vir die wedergeboorte wat sal plaasvind wanneer jy alles geleer het wat jy moet.

Amen.

# Hoofstuk 10

***14 Maart 2008  07:30***

Ek loop saam met Jahshua op die see en HY dikteer aan MY die volgende: Wanneer julle vir MY ly, sal julle bewus raak van 'n blydskap wat by tye oorweldigend sal raak. Dan sal julle weet dat julle wel die regte pad gevolg het. Die mense wat MY volg, al word hulle deur hulle naaste afgemaak as sleg en vol van hul eie dinge, sal nooit deur MY vergeet word nie. Daar is tans baie mense wat MY skryfkneg haat en dink dat sy hierdie dinge self uitdink en tot voordeel van haarself. Maar MY kinders, wat EK julle vandag wil sê, is dat sy niks voordeel hieruit trek behalwe geestelike voordeel nie. Dit bring haar aards niks in die sak nie en waarom sal sy dan hiermee aangaan as dit haar niks baat nie? Al wat sy van baie mense ontvang, is net oordele omdat hulle dink dat sy al stapelgek geword het, maar inderwaarheid is sy heel normaal, omdat sy MY het. EK lei haar om te tik wat sy moet en daarom moes sy vanoggend skryf dat sy saam met MY op die see loop, wat wel so is in die gees. EK voer haar weg saam met MY en wys vir haar dinge wat wel so is, maar mense wat in hulle liggame vasgekluister is, sal dit nie verstaan nie omdat dit vir hulle onmoontlik klink. MY kinders, dit is inderwaarheid die maklikste ding op aarde om saam met MY te kom en deur MY na hoogtes gebring te word. Daar is niks snaaks daaraan nie omdat alles by MY moontlik is en elkeen wat dit ook graag wil hê, sal dit van MY ontvang. Dit is nie net vir sekeres gegee nie, maar vir almal want EK het almal ewe lief. MY seuns en MY dogters, kom soek dit van MY en EK sal dit vir julle ook gee. Weet julle dat julle siele nie vas aan julle liggame is nie? Julle siele is losmaakbaar van julle liggame, en dit is veronderstel om glad nie vas te wees nie, maar die meeste van die mense is vasgekluister aan hulle liggame omdat hulle vas is aan die materie en hulle aardse besittings en daarom sal hulle nie kan hê wat MY skryfkneg het nie. Maak julle self los van julle aardse dinge en kom na MY en soos wat julle alle aardse dinge aflê, sal jou siel ook los kom van jou liggaam en jy sal kan sweef waar EK jou heen vat. MY kinders, hierdie is nie dinge waarmee die okkulte hulleself besig

hou nie, maar hierdie kom direk van MY af. Hulle het nie toestemming om dit te doen nie en doen dit ook om MY te wys dat hulle die baas is oor hulle eie liggame en siele, maar in der waarheid benadeel hulle hulleself onherroeplik, want dit sal meebring dat hul siele nie kan uitgaan wanneer hulle eens dood is nie, maar hulle siele sal net kan gaan waarheen EK hulle stuur en dit is nie 'n baie lekker plek vir hulle nie. Daarom moet julle nie deelneem aan sulke dinge nie omdat dit net skade vir julle siele sal bring. Maar vertrou net op MY en EK sal julle siele lei en deur MY krag en julle bereidheid sal julle dan deur MY weggevoer word, tot groot voordeel van julle geestelike ontwikkeling. MY skryfkneg gaan waar EK haar heen vat en nie waar sy wil nie. EK vat haar ook net na die plekke en so lank as wat EK weet, goed is vir haar. Hierdie dinge sal julle beter verstaan as julle net by MY bly en nie na verkeerde dinge kyk nie. EK sal julle almal lei en die regte weg aanwys, al lyk dit vir julle of die wêreld julle oordeel. As julle by MY bly en in julle harte weet dat dit EK is wat met julle spreek, moet julle geensins bekommerd wees as EK julle siele dinge wys nie omdat dit net EK is wat die volmag het om so iets te doen. Weet julle dat dit terapie vir julle siele is? EK genees baie mense so deurdat EK hulle siele uit hulle liggame uithaal en na plekke voer sodat hulle daar kan genees en MY GEES kan ontvang. MY kinders, hierdie is nie vir enigiemand gegee om te doen nie en julle moet seker maak of dit wel EK is wat julle lei en nie iemand anders nie. Maak seker dat EK aan die leiding staan want dit sal vir jou siel baie sleg wees wanneer jy op jou eie gaan waar jy heen wil gaan. Maar wanneer jy deur MY gelei word, sal jy die regte ding doen en jy sal MY kan sien in die gees en ook sal jy versterk word daardeur. Dit sal EK vir elkeen doen wat MY bie liefhet en wat net deur MY gelei wil word omdat dit vir hom die ewige lewe sal beteken. Daar is vandag baie snaakse dinge wat mense doen en julle sal kan getuig daarvan en daarom wil EK julle waarsku om nie julle siele uit julle liggame uit te laat gaan deur julle eie toedoen nie, maar wanneer julle dit van MY ontvang en wanneer EK julle roep, moet julle kom en nie huiwer nie want EK weet wat is die beste vir julle om te doen. EK sal die leiding neem en wat kan dan verkeerd gaan? Kan iets verkeerd gaan wanneer EK aan die stuur van julle lewensbootjies is? Nee, daar

kan niks verkeerd gaan nie, maar wanneer jy aan die stuur is, sal daar baie dinge verkeerd gaan en voor jy weet is jy op die verkeerde weg. Maak daarom dubbel seker dat jy MY volg en nie jou eie ek nie want dit is die dood. Die eie ek wat gevolg word is dikwels so goed versteek dat jy self nie sien dat jy jouself volg nie, maar volle oorgawe aan MY vereis ook volle aflegging van jou eie ek en daarom is dit baie belangrik om eers daarna te kyk. Elke dag en elke nag, moet julle oplet of julle nie vir julleself aan die voortou het nie. Kom dan na MY en lê jouself voor MY voete en EK sal jou eie ek vir jou afbreek sodat jy ‘n nuwe mens kan wees wat MY volg en nie jouself nie. Dit is ‘n baie moeilike ding omdat baie mense hulleself volg en dit nooit agterkom nie. Kyk na jouself en wanneer jy agterkom dat jy daarvan hou as daar ‘n ophef van jou gemaak word en jy sien dat jy jouself wil bevoordeel, al vat jy net die grootste bord kos, moet jy dit dadelik beveg met MY liefde en na MY kom want EK sal jou help. MY kinders, dit is nie omdat EK julle wil afbreek tot op die grond nie, maar dit is omdat EK weet hoe listig die satan en sy maters is en hoe maklik hulle jou dan kan aanval en voor jy weet is jy met ‘n hoogmoedsgees beset en kan jy onmoontlik diensbaar vir MY wees. Wanneer dit die geval is, sal daardie mens dan heeltemal teen MY draai deurdat MY openbaringe nie meer goed genoeg vir hom is nie en hy fout soek met MY knegte. Dit is wat die hoogmoed doen en die satan weet dit en daarom sal hy julle altyd aanval met die gees van hoogmoed, maar eers sal hy dit stelselmatig doen sodat niemand dit agterkom voor dit te laat is nie. Let daarom na jouself op, elke dag en jy sal baie gou agterkom as jy deur die satan mislei is. Dit sal EK dan vinnig vir jou kan regstel as jy MY die kans gee en alles sal dan weer reg wees tussen MY en jou en jy sal dan ook weer geestelik kan groei. MY kinders, dit sê EK vir julle uit die grootste liefde denkbaar en EK wil vir elkeen wat hier lees, die gawes gee wat EK vir elkeen wat geestelik gegroei het, al gegee het. Dit is MY woorde aan julle.

Amen.

# H o o f s t u k 1 1

***16.03.2008 08:14***

Sit julle nog en wag vir MY? Waarvoor wag julle? Het EK julle nie gesê dat julle julleself bereid moet kom verklaar en by MY moet kom aanmeld nie? MY kinders, EK weet dat julle vir MY wag en dat julle wag om met MY GEES vervul te raak maar EK wil ook hê dat julle uit julle eie uit na MY sal kom en met MY kom praat. Moenie wag dat EK jou roep voordat EK met jou praat nie. MY kinders weet nou al dat hulle moet afsonder en EK wil hulle nie elke keer herinner om af te kom sonder nie. Gaan uit jou eie uit en wanneer jy uit vrye wil na MY kom soek, sal EK jou genadig wees. Moenie wag tot EK jou roep om vir MY te kom tik nie, kom wanneer jy die drang in jou binneste voel en enige ander tyd ook. Hoe meer julle af sonder, hoe vinniger sal julle geestelik groei. Julle al dan deur MY gevul word en hoe vinniger julle groei, hoe vinniger sal julle die eenwording met MY bereik. Waarom moet EK julle altyd deur een of ander kneg van MY aansê om te gaan afsonder. Gaan uit jou eie uit en jy sal die vrugte daarvan pluk. MY kinders by die herberg weet nou al dat hulle hulleself moet afsonder, maar nog steeds moet EK hulle daaraan herinner. Dit geld ook vir elke ander mens wat nog nie by MY herberg is nie. Aan almal wil EK sê dat julle MY die hele dag moet kom opsoek en dan sal julle MY vinniger vind. Weet julle dat EK onder lofsange woon? Daarom moet julle dan vir MY lofsange sing en EK sal by jou teenwoordig wees, wanneer jy dit in jou hart doen ook, en nie net wanneer julle bymekaar kom om vir MY te sing nie. Let op na MY woorde en dan sal julle onthou dat EK dit al in die verlede ook aan julle gesê het. Sing vir MY en die bose sal wyk, maar wanneer julle nie sing in julle harte nie, sal dit vir die bose baie makliker wees om julle onder te kry en dan sal julle weer sonde doen wanneer julle deur die bose verlei word. By MY is net liefde en geen kwaad nie en wanneer julle kwaad voel vir iemand moet julle weet dat dit ‘n slegte teken is, want die bose is altyd kwaad. Ban hom uit julle lewens uit deur die hele dag vir MY te sing en met MY in gesprek te wees. Kom sonder gereeld af en praat met MY sonder die aardse dinge en lawaai wat julle aandag

besig hou. Wanneer jy geestelik so sterk is dat jy die hele tyd met MY in gesprek kan wees en nie een oomblik daarvan wyk nie, sal EK jou die wye wêreld instuur om ander vir MY te gaan haal en jy sal dan visse vir MY vang en hulle na MY voet bring, maar niemand van julle is al so sterk nie en daarom moet EK julle net so af en toe, die buitewêreld instuur omdat julle weer ten prooi sal val van die bose as julle te lank aan hulle blootgestel word. MY kinders, luister net na MY stem as jy MY kan hoor, en die wat MY nog nie kan hoor nie, moet ook weet dat EK teenwoordig is waar daar die heeltyd vir MY gebid word en wanneer daar vir MY gesing word. Dit is omdat die bose nie van MY eer hou nie. Hulle hou nie daarvan wanneer daar van MY lig op julle val nie en wanneer julle tot MY bid en vir MY sing, sal daar baie lig op julle en verlig julle siele. Die bose wyk dan, maar bewaar jou as jy daarmee ophou en jouself besig hou met ander dinge. Dan val hulle jou met mening aan en jy val dan saam met hulle in die put wat hulle vir jou gegrou het. Daarom maan EK julle weer om julle die hele tyd met MY besig te hou ter wille van julle eie sieleheil en julle sal dan as oorwinnaars uit die stryd tree. MY kinders, die van julle wat al in die gees kan sien, sal hiervan kan getuig.

Amen.

# Hoofstuk 12

***16.03.2008 08:32***

EK sal julle rein maak sodat julle skoon sal wees van al julle sondes. Julle voel soms skuldig oor alles maar EK sal julle skoonmaak en dan moet julle glo dat julle skoon is, al lyk dit nie vir julle so nie. EK weet dat julle almal net mense is en dat julle tog sondes doen, en Ek weet ook dat niemand van julle volmaak is nie. Daarom het EK mos vir julle aan die kruis gesterf, nie waar nie? Maar dit beteken nie dat julle maar kan aangaan en kan sondig nie, want dit is sonde teen MY en beteken dan dat julle MY herhaaldelik vir julle laat sterf en dit is ook verkeerd. MY kinders, EK praat nou spesifiek van julle wat nie wil sondig nie, maar wat tog nog mens is. Ek praat van die opregtes van hart wat skoon wil wees en soms, af en toe, deur die bose verlei word

sonder dat jy dit agterkom of so wil hê. EK sal julle almal rein en skoon was met MY bloed en julle sondes sal dan vir julle vergewe word omdat EK julle baie liefhet. Het julle al gedink hoe julle met julle kinders te werk gaan? Hou julle ‘n klein dingetjie wat hy of sy teen jou gedoen het vir ewig en altyd teen hom of haar? Nee, julle vergewe hulle, al is dit iets baie groots ook wat teen julle gedoen is. Nou, net so vergewe EK julle vir die dinge wat julle verkeerd gedoen het. Die liefde wat julle vir julle kinders het, is die liefde wat julle van MY af ontvang het vir hulle en dit is maar ‘n druppel in die emmer van wat EK vir julle het. MY kinders is die punt van MY hart en kan daarom nooit deur MY verwerp word nie, al doen hulle ook sondes teen MY. MY liefde is so groot dat julle dit nooit sal kan begryp of verstaan nie. Weet julle dat EK vir julle aan die kruis gesterf het, of het julle dit vergeet? MY kinders, dit sal goed wees as julle weer MY boeke oor MY kruising sal lees sodat julle weer kan onthou van MY grote liefde vir julle. EK alleen kon daardie groot las van julle skouers afhaal deurdat EK julle straf gedra het. Daardeur kan julle nou almal deur MY verlos word en Een met MY word. MY dissipels kon nie met MY verenig voordat EK nie die kruising deurgemaak het en dit vir julle almal volvoer het nie. Daarom kan julle vandag die eer te beurt val om deur MY gevul te word en heeltemal met MY verenig. Dit sal julle kan doen omdat MY bloed julle rein gewas het. Niemand kan voor MY bestaan wanneer hy nie skoon is nie omdat geen onreinheid voor MY kan bestaan nie en wanneer jy onrein is, sal dit nie deug nie en daarom was EK julle almal rein deur MY bloed. Kom net na MY sodat EK julle kan was en julle sal deur MY opgetel kan word soos klein kindertjies wat nog nie sonde gedoen het nie. Kom na MY as jy verbrou het en moenie van MY af weghardloop nie en jy sal gewas word en skoon teen MY bors lê. Dit belowe EK julle almal.

Amen.

( Ek het vanoggend verslaap nadat Jahshua my herhaaldelike kere gesê het om op te staan en ek het baie sleg gevoel daaroor en nie werd om SY werk te doen nie. Jahshua het my in die gees na HOM geroep en HY het aan my ‘n glas gegee om te drink

nadat ek HOM baie keer om vergifnis gevra het. In die glas was bloed en ek moes dit drink. Dit was Sy eie bloed. Nadat ek dit gedrink het, het HY vir my gesê ek is rein gewas deur sy bloed, maar nog het ek gevoel ek is sondig en om een of ander rede het ek gedink dat my kop nog vol onreinheid was. HY het 'n spieël voor my gehou en ek het gesien dat ek van kop tot tone skoon was. HY het gesê dat ek moet glo HY het my skoon gewas en daarna moes ek hfst.12 kom tik. Louise.)

# Hoofstuk 13

***18 Maart 2008 20:54***

Kyk na MY, MY kinders. Kyk na MY as julle voorbeeld en volg MY na. Daar is tans baie van julle wat die wedergeboorte nastreef en dit julle roeping in die lewe maak om met MY Een te word. Dit is alles wat julle nodig het om 'n gelukkige lewe te lei in MY en die vrede wat EK julle gee ten volle in julle te hê. Daarom sê EK dat julle na MY moet kyk sodat julle alles kan doen soos wat EK dit gedoen het op aarde. EK was sagmoedig en daarom moet julle ook sagmoedig wees en soos lammers na die slagpale gelei word, net soos EK gelei is na Golgota en EK sal julle saak beveg. Wat EK daarmee bedoel is, dat julle alles in MY hande oor sal gee en nie sal vrees nie, want 'n lam wat na die slagpale gelei word, weet nie wat op hom wag nie, en daarom vrees hy niks nie. So moet julle ook wees. Vrees niks want EK is in beheer en EK is aan julle kant, daarom kan niks of niemand julle skaad nie. EK sal julle nooit in die steek laat sodat julle wel soos lammers geslag word nie. Luister net na MY stem, al klink dit vir julle of EK vir julle die verkeerde opdragte gee. EK sal julle altyd bystaan en julle hoef maar net na MY te luister. Baie keer gee EK die opdragte aan julle wat vir julle lyk of dit julle dood sal beteken of dit maak dat jy baie vyande maak, maar dit is niks omdat EK weet wat EK doen en nie een wat MY volg en MY gehoorsaam is, sal ooit deur MY in die steek gelaat word nie. Daar is so baie dinge wat vir julle nie reg uitwerk of reg voorkom nie, maar EK is daar ook in beheer en EK wil net hê dat julle daarby moet berus as dit vir julle nie reg

uitwerk nie. EK het ‘n doel daarmee en julle en die ander party sal dan baat daarby vind. MY kinders, die ander party wat deel vorm van die wêreld sal baat daarby vind, as EK intree vir julle omdat hulle dan ook so deur MY geleer word en dan tot inkeer kan kom. Dit is dan ook die doel met die groot geloofstryd wat vir julle en baie ander wag. Dit lyk vir julle of dit 'n doellose moord op MY skape sal wees, maar in der waarheid sal baie mense gered word van die verderf deurdat julle sal sterf en hulle julle sterk geloof in MY sal sien. Dit sal hulle oortuig dat daar wel ‘n God moet wees omdat niemand sal sterf vir iets wat nie bestaan nie of vir iets wat in sy verbeelding is nie. Niemand sal sy lewe gee vir ‘n belaglike versinsel nie en daarom sal hulle dan begin nadink en wonder waarom daar mense is wat hulle lewens gee vir MY. Dit sal dan lei tot hulle redding omdat hulle dan na julle sal stap en leiding vra. EK sal julle so met MY GEES vervul dat julle hulle na MY kan lei en EK hulle so kan red. Dit klink ook nou vir julle na iets vreeslik wreeds wat EK van julle verwag, maar wanneer julle daar kom sal julle sien dat julle die krag van MY ontvang het om julle liggame net so te los en in die volste vreugde en geluksaligheid na MY te kom. Julle sal nie meer aan julle liggame vasgekluister wees nie omdat julle alreeds Een met MY sal wees. Julle sal ten volle wedergebore wees en niks sal dan meer tussen MY en julle staan nie, nie eers jou eie liggaam nie. MY kinders, dit wil Ek al nou vir julle gee en EK is besig om met MY kinders te werk, al voel dit vir hulle of niks gebeur nie. MY skryfkneg het MY vanmiddag gevra waarom daar niks met haar gebeur nie, aangesien EK die Eenwording al baie lank aan haar en ‘n paar ander beloof het. EK het aan hulle gesê dat hulle alreeds Een met MY is, maar hulle voel nie vol krag soos wat hulle gedink het hulle sal wees nie. Ook het hulle nog nie die wonderlike mag wat EK hulle beloof het nie. Hulle het gedink dat hulle teen hierdie tyd al baie anders sou gewees het en so vol van MY liefde soos wat hulle begeer, maar hulle is nog steeds dieselfde, al het EK vir hulle gesê dat hulle alreeds met MY Een is. Dit het hulle baie deurmekaar gemaak en hulle voel almal of daar nou niks gebeur en daar niks van MY wonderlike beloftes nie, maar daar is ‘n rede daarvoor. MY kinders, EK wil hê dat julle moet aanhou om te streef, al lyk dit vir julle of MY beloftes nie gaan realiseer nie. EK

toets julle geloof in MY en wil hê dat julle nog steeds moet glo dat EK met julle sal verenig en julle soos engele sal wees in julle liggame. EK weet dat julle nie die Eenwording met MY soek sodat julle krag en mag kan hê nie en daarom sal julle dit nog verkry. EK ken elkeen se hart en sal dit vir die gee wat opreg daarna soek, en voor hy weet, is hy Een met MY. Die eenwording met MY sal verkry word deur baie gebed en vas. Die vas waarvan EK praat, is die afsondering in die binneste. Vra MY gedurig om Een met MY te word en jy sal dit kry. MY beloftes is nie leë beloftes nie, dit sal EK alles gestand doen. Julle moet net glo. Dink daaroor na en weet dat EK julle voor die stryd met MY wil verenig. Daar is baie mense wat dink die stryd is nie meer vêr nie en dit wil EK beaam deur te sê dat julle julleself gereed moet kry en geestelik na MY soek sodat EK die Een is wat jou red deur die stryd wat kom en dat jy nie op jou eie kragte sal staatmaak nie. MY kinders sal nie deur MY in die steek gelaat word nie en hulle weet ook dat alles baie naby is. Gaan na jou binnekamer en kyk daarbinne. EK sit daar en wag op jou sodat Ons gesprekke kan hou en EK jou kan versterk en wie weet, dalk is jy een van die wat nog Een is met MY voor die groot stryd. Dit is ook ‘n belofte vir elkeen wat na MY vra en die Eenheid met MY nastreef.

Amen.

# Hoofstuk 14

***19 Maart 2008 07:48***

In liefde sal julle lewe as julle eers heeltemal Een met MY geword het. Dan sal daar nooit weer bakleiery of twis wees nie omdat julle almal deur MY vervul sal wees en julle sal dan alles in julle hê wat nodig is om die wêreld om julle in ‘n hemel te kan omskep. Daar sal baie wonderlike dinge gebeur waar EK julle heen stuur en die mense na wie julle sal gaan, sal nie weet waar al die seëninge nou vandaan kom nie aangesien julle vir hulle maar net soos gewone mense sal lyk. Maar in der waarheid sal julle engele wees, vervul met MY GEES en met alle mag toegerus om die hele wêreld te verander. Maar al verskil is, dat julle nie kan

handel uit julle eie uit nie, maar net deur MY wil alleen. MY kinders, as julle ten volle wedergebore is, sal julle niks uit julle eie wil doen nie omdat julle net MY wil sal doen. Daarom sal julle ‘n verskil maak in die mense se lewens na wie toe EK julle stuur. Die wat na MY nie soek nie, sal nie van julle teenwoordigheid bewus wees nie en julle sal ook nie by hulle besoek aflê nie. EK sal julle net na die stuur wat MY soek en MY liefhet. Daarom moet julle hard aan julleself werk sodat julle ander kan help. Julle sal hulle help om van die aardse bande los te kom en hulle sal dan agterkom wie julle is en MY daardeur loof. EK sal MY helpende hand uitreik en almal help wat nog op MY wag en nie so vêr gevorderd in die Gees is nie. EK sal hulle help deurdat EK julle na hulle sal stuur en hulle sal julle aanneem en gered word. Dit sal die lot van elkeen wees wat na MY soek in die tyd wat kom en wanneer daar van julle is wat wedergebore is. Die wat wedergebore is, sal dit wees tot voordeel van baie ander ook en daarom moet julle dit julle belangrikste doel op aarde maak sodat julle ander kan help. Hoe kan julle ander help as julle nie eers julleself kan help nie? Werp alles in die stryd en kom na MY sodat jy ook ander kan help deurdat jy die Eenwording met MY verkry. Wanneer jy die Eenwording met MY verkry het, sal alles vir jou sin maak en jy sal juig omdat EK jou deur so baie dinge laat gaan het voor jy die eindpunt bereik het. EK sal jou help sodat jy heeltemal Een met MY kan word en niemand sal jou dan ooit uit MY hande kan ruk nie omdat EK en jy dan Een sal wees. Wees gerus en vertrou net op MY, wat nie lank op MY sal laat wag nie. Dit voel vir julle soos eeue waarop julle moet wag, maar in der waarheid is dit nie so lank nie en stadig maar seker sal julle aan MY vasgroei. Onthou, die groeiproses is nie ‘n vinnige proses nie en daarom moet julle maar geduldig wees al lyk dit vir julle of die eindpunt nooit bereik sal word nie. MY kinders, hou net moed en vertrou op MY want EK maak nooit beloftes wat EK nie nakom nie. Glo dit nou.

Amen.

# Hoofstuk 15

***19 Maart 2008 08:15***

Die wedergeboorte is nie ’n proses wat in een dag se tyd afgelê word nie en dit behels baie ander aspekte waarvan julle nie eers bewus is nie. Die struikelblokke wat EK vir julle in julle pad gooi, dien net om julle te ontwikkel en nie om julle af te breek nie. MY kinders, dit voel soms vir julle of julle geestelik nêrens kom nie en of julle net verder en verder terugval, maar in der waarheid groei julle by die dag. Dit voel nie vir julle so nie en julle voel vêr van MY af ook. Hoe kan julle dan nader aan MY groei as julle so vêr van MY af voel? Dit is iets wat nie te verduidelik is aan mense in hulle aardse liggame nie en daarom sal EK dit nie vir julle nou verduidelik nie, maar julle sal die verduideliking van MY ontvang die oomblik dat julle heeltemal Een is met MY omdat julle dit dan eers sal verstaan. Ook sal julle agterkom dat julle ‘n baie groot verlange na MY het wanneer julle vêr van MY af voel en julle sal voel dat julle nader aan MY wil kom. Dit is een van die redes dat EK MYSELF so bietjie vir julle verberg en julle moet dan harder stry om MY te vind. Dit maak julle sterk en ook versterk dit julle geloof in MY omdat jy dan volgende keer, wanneer jy weer vêr van MY af voel, sal onthou van die vorige keer wat jy ook so gevoel het en jy sal dan onthou hoe EK MY oor jou ontferm het en jy daarna baie meer geestelik geseënd was as voor die tyd. Dit is een rede dat EK MYSELF vir jou verberg, al voel dit nie so nie. MY kinders, julle dink dat EK julle verlaat as julle iets gedoen het, maar inderwaarheid laat EK MY net harder soek sodat jy jou sonde sal haat en die oorsaak van jou val sal verwerp en dit nooit weer doen nie. Jy sal dit wat jy gedoen het blameer vir jou verwydering van MY en jy sal dit nie weer doen nie, want jy sal onthou hoedat EK vêr van jou af was toe jy in daardie spesifieke sonde verval het. Daarom moet julle MY altyd in alles sien, selfs in MY verwydering van julle harte. EK is altyd daar en sal nooit van julle af weggaan nie, maar skep net daardie indruk sodat julle daaruit kan leer. EK noem dit verwydering maar inderwaarheid is EK die hele tyd met julle, net soos die dag van gister en die dag van môre. Nooit sal EK van julle af weggaan nie en al soek julle

baie hard na MY, sal julle agterkom dat EK nie weg is nie. Dit sal julle harte elke keer verbly omdat jy na elke sonde of “af tydperk” nog sal agterkom dat EK wel teenwoordig is in jou hart. Dit belowe EK julle, dat EK nooit van julle af weg sal gaan nie en dat EK altyd by julle sal wees want julle is kosbaar in MY oë. Hoe kan EK MY kind verlaat net omdat hy ‘n oomblik van swakheid beleef het? Kan julle dit aan julle kinders doen? Sekerlik nie, en nog minder kan EK dit aan julle doen. Onthou, EK het die volmaakte liefde in MY hart vir julle en daarom het julle ook liefde vir julle kinders, omdat julle dit van MY geërf het. Streef net elke dag uit julle harte na MY en EK sal julle help en julle oprig sodat jou verhouding met MY weer die wolke sal bereik.

Amen.

# Hoofstuk 16

***20 Maart 2008 om 07:59***

EK het julle nog altyd van krag voorsien vir die swaar tye wat op julle pad gekom het en daarom moet julle nie vrees vir die dinge wat nog voorlê nie. MY krag sal julle versterk en EK sal julle bystaan sodat julle nie moedeloos raak nie. MY kinders, baie keer raak julle wel moedeloos en wil julle hê dat EK hier reg voor julle moet verskyn om julle te versterk, maar dit is nie hoe EK te werk gaan nie. EK wil hê julle moet net bly glo en vertrou omdat EK julle sal help. MY kinders moenie twyfel nie, net soos wat julle nie wil hê julle kinders moet in julle twyfel nie. Julle wil hê dat julle kinders in julle moet glo en julle moet liefhê en net so wil EK dit ook hê. MY krag is oneindig en daarom sal julle altyd van krag voorsien wees tot die tyd aanbreek dat julle met MY Een is. EK sal nie een van MY kinders verlaat nie en hulle sal almal by MY vergader wees en almal sal bly wees. Dra net hierdie laaste entjie vir MY die las wat EK op jou skouers sit. MY kinders dikwels voel die las vir julle ongelooflik swaar en julle dink dat die pad nooit gaan einde kry nie, maar die pad is nie so lank as wat julle dink nie en voor julle weet, is die pad verby en het jy alles wat jy nodig het om met MY Een te wees. EK sal vir elkeen alles gee wat hy nodig het en net EK alleen weet wat elkeen nodig het. Daarom

sal julle almal dít ontvang wat EK julle gee en wat julle nodig het om tot vervolmaking te kan kom. MY kinders, die Eenwording met MY is ‘n baie groot geskenk en daar is nie baie wat dit sal bereik nie. Daarom moet julle alles in die stryd werp om een van die te wees wat wel die Eenwording met MY verkry. EK sal dit vir julle gee wanneer EK sien dat julle dit werd is en wanneer julle genoeg gely het. Dit klink vir julle nie reg dat julle self ook moet ly om Een met MY te word nie, maar dit is hoe EK julle siele gereed kry om MY GEES te kan ontvang. Wanneer EK vir julle die Eenwording sommer net sal skenk, sal julle doodgaan van die krag wat in julle binneste sal kom. Dit sal dan die vernietiging van julle siele beteken omdat die onreinheid weg sal brand en die onreinheid wat nog in julle siele vassit sal dan julle siele ook laat brand, wat die dood tot gevolg sal hê. Daarom moet julle nie hartseer wees as julle vir MY moet ly nie omdat dit vir julle die grootste voordeel in sal bring. MY kinders, EK weet dat daar ‘n paar van julle is wat baie bang is omdat julle nog vir MY moet ly en met vrees wag julle die nuwe dag in omdat julle weet dat EK hierdie dag nou weer iets nuuts vir julle sal bring wat julle sal pynig, maar EK wil dit nie hê nie. EK wil eerder hê dat julle die dag met gebed en vas binne sal gaan omdat dít vir julle krag sal gee, maar nie die onnodige vrees nie. Moenie MY vrees nie, MY kind, want EK is net genade en liefde en sal niks oor jou bring wat jy nie sal kan dra nie. EK sal niks van jou af wegneem wat jy nie sal kan verwerk nie en die gevolg sal wees dat jy alles wat jy verloor het weer in dubbele mate sal terug kry. EK bring skeiding in baie huwelike omdat EK sien dat die eenheid tussen man en vrou baie mense weerhou om heeltemal Een met MY te word, maar wanneer alles verby is, sal EK julle weer vir mekaar terug gee en die geluk sal nog groter wees as die geluk voor die tyd dat EK julle beproef het. EK het julle vir mekaar gegee en waarom sal EK julle vir ewig van mekaar skei? Ek skei julle sodat julle met MY kan verenig en dan belowe EK julle dat EK julle weer so vir mekaar sal teruggee ook. Wees net bereid om die las van die skeiding te dra sodat EK dit in jou siel kan bereik wat EK graag wil en jy en jou vrou sal dan weer met mekaar verenig wees. Dit belowe EK, jou Skepper jou en elkeen wat hartseer sy weg oor die aarde moet baan. Amen.

# Hoofstuk 17

***20 Maart 2008 om 08:20***

Weet julle, MY kinders dat EK net so uitsien na julle Eenwording met MY as wat julle daarna uitsien? Julle dink dat EK nie daarna uitsien nie omdat EK alles al vooruit weet, maar Ek sien daarna uit omdat EK vir julle alles wil wys en leer soos wat Ek niemand in baie jare iets geleer het nie. EK wil die verwondering op julle gesigte sien wanneer EK julle alles wys wat julle beërwe het. EK wil die geloof en liefde vir MY op julle gesigte sien en daarom is EK net so opgewonde soos julle. In teendeel, EK is nog meer opgewonde as julle omdat EK weet wat vir julle wag en julle nie. EK wil so graag al MY kinders teen MY bors vashou en wanneer EK net 'n paar kan vashou is MY Vaderhart al klaar bly. MY skryfkneg het eenkeer gesien hoe EK MY emosies nie kan terughou van blydskap oor julle nie, en dit sal sy self nog ervaar ook. MY liefde vir julle is so groot dat EK skaars kan wag vir julle Eenwording met MY. Maar EK is geduldig en kan baie lank wag omdat EK die siel van elke mens ken en weet dat die tyd eers reg moet wees daarvoor. Daarom sal EK nooit oorhaastig iets doen nie. EK sal liewer te lank wag as wat EK oorhaastig iets doen en julle siele daardeur skaad. Maar wanneer die regte tyd aangebreek het, sal julle in verwondering staan oor alles wat EK vir julle sal gee en wys en julle sal dan baie bly wees oor al die lyding wat julle moes deurmaak om deur MY volmaak genoeg gemaak te word sodat jy MY GEES in al SY volheid kan ontvang. MY kindertjies, hou net 'n klein bietjie uit want die einde is die moeite werd. Dit sal alles die moeite werd wees as julle aan die eindpunt aankom en julle sal dan nie meer aan die pyn en lyding dink wat julle moes deurgaan om volmaak te kon word nie. Dit is ook 'n belofte van MY en EK wil julle van krag voorsien hierdeur en julle moed inpraat sodat julle die ekstra myl vir MY sal stap en daardeur die hoogste lot op aarde kan verwerf. Dit sal elkeen se lot wees as julle bereid is om vir MY te ly. Gaan vandag en wees gelukkig in julle harte, want EK het behae in julle almal wat die eenwording met MY nastreef. EK sal julle die geluk skenk wat julle verloor het op die pad na MY en die geluk sal baie meer

werd wees as die geluk wat julle voor die tyd gehad het. Al MY liefde aan MY kinders wat na MY soek en die eenwording nastreef.

Amen.

# Hoofstuk 18

***21 Maart 2008 07:09***

EK sal alle gawes aan julle gee wanneer julle Een met MY geword het en julle sal dan alles kan doen wat EK op aarde gedoen het. Wat meer is, is dat julle nog groter dinge sal kan doen as wat EK gedoen het. Dit beteken nie dat julle meer krag sal hê as wat EK gehad het nie maar dat julle ander tipe dinge sal doen omdat julle in ander tye as EK, in MY vleeslike liggaam, op aarde geleef het. In MY tyd op aarde, was daar nie dinge soos die wat julle vandag ken nie en die mense in daardie tyd was ook nie so ongelowig soos julle mense vandag is nie. In daardie tyd kon jy hulle maklik oortuig dat dit die werk van een of ander god was en hulle sou jou heeltemal glo. Maar in vandag se tyd waar daar so baie tegnologiese ontwikkelings is, is daar bitter min mense, indien enige, wat sal glo dat iets die werk van ‘n god is. Elke tegnologiese ding, sal hulle met verstand bekyk en hulle sal weet dit is deur ‘n mens ontwerp. As jy iemand in daardie dae in ‘n teerstraat in sou vat en hy sou die voertuie sien, sou hy baie vinnig die mens wat so ‘n voertuig kan bestuur aanbid het, want dit is iets wat hulle nie geken het nie. Maar in vandag se tyd werk dinge anders en vereis die mens baie ander dinge om hom van die goddelikheid van iets te oortuig. Julle sal egter dinge moet doen om hulle daarvan te oortuig dat julle julle krag van MY ontvang en nie van iets wat julle self doen nie. En dit is hoekom EK gesê het groter dinge as EK sal julle doen. MY kinders, julle krag put julle vanuit MY. Waarom sal julle dan meer krag as EK besit toe EK op aarde was? Dit is dan die betekenis van daardie woorde van MY vir die van julle wat al daaroor gewonder het. Nou wil EK julle vertel wat julle nog te doen staan vir MY in die toekoms. Onthou, alles gaan vir MY om die wen van siele vir MY koninkryk sodat hulle nie verlore gaan en in die duisternis beland

nie, nê? Julle weet dit ook al lankal, maar daar is tog ‘n paar punte waaroor EK nog met julle wil gesels. In die toekoms sal daar baie gewondes na julle kom wat verpleging nodig sal hê en julle sal moet help omdat EK, en daardeur die naasteliefde, dit vereis. MY kinders, baie min van julle weet iets van verpleging af en dit sal vir julle moeilik wees om dit uit julle eie uit te moet doen. Julle sal nie weet wat om te doen as julle nie MY Stem binne julle hoor wat julle die raad sal gee en die opdragte nie. Daarom wil EK julle weereens aanspoor om die Stem in julle binneste te kom opsoek sodat julle MY opdragte noukeurig kan uitvoer. Dit sal vir julle en vir julle pasiënte die beste wees aangesien daar baie lewens gered sal word deur julle gehoorsaamheid aan MY. Niemand wat deur julle verpleeg word, sal sterf nie, al is die wond ook hoe erg. Dit belowe EK julle en dit sal vir die gewonde ook iets wees wat hom sal oortuig dat dit wel EK is wat deur julle werk. MY kinders, dan is daar nog iets. Die gehoorsaamheid tydens die nag van die lang messe is van uiterste belang en daarom wil EK julle almal nou al sterk maak sodat julle gehoorsaam kan wees aan MY tydens daardie nag. Dit sal ‘n vreeslike nag wees, maar wanneer julle net op MY vertrou en na MY stem luister, sal niks met julle gebeur nie. Luister na wat EK vir julle sê, al lyk dit vir julle na die verkeerde ding. Dit lyk vir julle na die verkeerde ding om te doen, maar EK weet waarom EK daardie opdrag aan jou sal gee en jy moet dit uitvoer. Baie keer is mense al so deur MY gered net op grond van hulle gehoorsaamheid en EK het behae dáárin en nie in die slim planne van ‘n mens nie. Dan wil EK julle nog iets meedeel. Dit gaan die koudste winter in baie jare wees en daarom wil EK julle aanraai om solank vir julle baie warm goed te kry. Koop warm komberse vir die gewondes en ook warm klere, want dit gaan bitterlik koud wees. Daar gaan baie mense wees wat nie klere gaan hê nie omdat die gebeurtenis in die nag sal plaasvind en die mense uit hulle huise uitgejaag sal word met niks aan behalwe hulle slaapklere nie. Daarom wil EK vir julle sê om vir ander ook te koop of bymekaar te maak. EK sal julle daarmee help en aan julle voorsien daarvoor. Die wat alreeds vir ander gekoop het, sal daarvoor beloon word omdat hulle al vooruit gedink het aan hulle naaste en die naasteliefde vir hulle belangrik was. MY liewe

kinders, moenie nou vrees omdat EK oor hierdie nag gepraat het nie. Die belangrikste ding vir julle is en bly net die liefde vir MY en dit wil EK julle weereens op die hart druk. Wees net vir MY lief en alles sal goed afloop vir julle en julle pasiënte. Wees net gehoorsaam aan MY en julle sal bly lewe. Daar is niks wat te groot vir MY is nie en daarom wil EK nie hê dat julle moet vrees en bang wees vir niks nie. Alles sal julle kan dra omdat EK julle dra. Gaan die toekoms in met moed en julle sal niks te vrese hê nie. Onthou dat vrees MY lig wegdryf en dat die onheil nader kan kom. Daarom moet julle op MY vertrou en julle sal sien hoe alle vrees verdwyn en soos leeumannetjies en leeuwyfies, sal julle vir MY en julle broers en susters kan veg. Wees maar net gerus en dink so min as moontlik aan die naderende einde. Konsentreer op MY en wees net vir MY lief en wanneer die dag aanbreek, sal julle alle krag van MY ontvang sodat julle vir niks sal stuit nie. MY kinders, gaan hierdie dag met MY tegemoet en jy sal sien hoe EK jou seën.

Amen.

# Hoofstuk 19

***22 Maart 2008 06:28***

Daar sal die tussen julle inkom wat julle probeer vasvang in hulle web en hulle sal probeer om julle uit mekaar uit te probeer dryf, maar MY GEES wat tussen julle is, sal almal wat van goeie wil is daar by MY Herberg hou en niemand van MY kinders sal daar weggaan nie. Die satan sien julle krag wat vanuit MY kom en hy poog om julle te breek omdat julle nie self besef watse enorme krag julle van MY af ontvang het nie. MY kinders, bly in MY krag want dan kan satan julle nie verlei nie, maar wanneer julle in die sonde en hoogmoed verval, sal dit nie vir julle maklik wees om by MY te bly nie. Gehoorsaam MY in alles en jy sal leef. Gehoorsaam MY en EK sal in julle midde bly. MY kinders, dit is nie MY wens vir julle dat julle die grond van die Herberg verlaat nie omdat die wolwe en die jakkalse daarbuite op loer is om julle te verslind en hulle sal dit met smaak doen, die oomblik dat julle daar uit gaan en nie sterk genoeg is nie of wanneer julle nie deur

MY gestuur is nie. Julle verstaan dikwels nie wat om julle aangaan nie, maar sien nie julle eie foute in nie. As EK sê moenie daar uitgaan nie, dan bedoel EK dit en dan moet julle MY nie agterna kom vra of julle daar uit kan gaan nie. Dit is nie MY wens nie en julle moet MY nie vra nie, want dan sal EK vir julle altyd 'n positiewe antwoord gee omdat EK jou dan aan jou begeertes sal oorgee. EK weet dit gaan soms moeilik daar by julle en dit voel vir julle of party mense julle nie verstaan nie, maar dit is ook deel van die verdeemoediging van almal. EK weet ook dat sekeres nie MY woord kan hoor nie en dit is nie hulle eie skuld nie, dit is so vanuit MY bepaal sodat daar nie altyd vrede kan heers nie en daardie "onmin" julle julle foute uitwys. Hoe sou dit gewees het as EK al die slegte dinge uit die wêreld geneem het sodat daar niks meer verleiding op aarde meer vir julle was nie? Sou julle dan kon roem op oorwinning oor julle vlees? Nee, julle sou nie en daarom gebruik EK die wat nog nie MY stem kan hoor nie ook as 'n klip waaroor julle kan struikel as julle nie wakker is nie. MY kinders, EK is 'n regverdige Jah en daarom moet EK vir julle, waar julle so uit die wêreld is, ook iets gee wat in julle pad is sodat julle dit met MY krag kan oorwin. Wanneer julle dit oorwin, sal julle ten volle oorwinnaars wees en dan eers kan julle Een met MY word. Daar is struikelblokke in julle pad gegooi sodat julle kan leer om nederig te wees en ook sodat julle julle eie ek kan afsterf. Die van julle wat julle daaroor vervies, moet weet dat daar nog baie foute in jou binneste is en dat dit net met die nederigheid kan regkom, maar dit wil EK vir julle almal sê, en dit is, sterf julle eie ek so gou as moontlik af, en julle sal bly wees want die stryd in julle land is so bitterlik naby dat daar nie meer tyd is vir iemand wat homself nie wil verdeemoedig nie, en na MY kom vir hulp nie. EK weet dat julle almal na MY kom vir hulp. Dat julle almal tot MY bid en vra vir krag en wysheid en dat EK ook baie dinge aan julle toestaan wat eintlik teen dit is wat EK vir julle beplan en daarom moet julle eers baie mooi seker maak dat dit regtig MY wil is, voor jy 'n ding doen. EK het ook al vir My skryfkneg gesê dat sy maar iets kan doen wat teen MY wil is en dit is dan vir haar baie lekker om dit te kan doen, maar op die ou einde is dit nie goed vir haar siel nie en dan, nadat sy 'n paar trane gestort het, besef sy dat sy die een was wat die fout

gemaak het, deurdat sy MY iets gevra het wat Ek ook aan haar toegestaan het, maar wat nie MY wil was nie. So leer julle elkeen en dit sal vir julle siele baie beteken as julle dit so gou as moontlik leer. MY kinders, EK wil dat elkeen van julle wat vandag hier is, na MY sal kom met julle planne en eers vir MY vra of dit regtig MY wil is en of EK dit nie maar net toestaan omdat jy MY daarom vra nie. Kom vra MY of EK nie vir jou iets beters het om te doen voordat jy jou eie planne aan MY voorlê nie. Wanneer EK julle ‘n direkte opdrag gee, voordat jy MY eers self daarom om vra, is dit ‘n ander saak. MY kinders, EK is so baie lief vir julle en wil julle almal gelukkig sien, en as julle nie gelukkig is nie, moet julle MY kom vra en EK sal julle SELF julle foute uitwys. EK weet dat julle baie graag ook dinge vir mekaar wil doen en dat julle nie selfsugtig is nie, maar EK wil hê dat julle nou vir eers op MY moet konsentreer voordat julle aardse dinge vir mekaar doen. Hier praat EK van groot dinge soos wanneer jy iemand wil oorlaai met aardse goedere. Dit is nie nou MY wil nie en EK wil eerder hê dat julle mekaar met liefde oorlaai en ook moet julle gereeld vir daardie persoon bid. Wanneer julle tot MY vir iemand bid, beteken dit oneindig meer as die aardse goedere wat jy vir daardie persoon wil gee. MY kinders, dink ‘n bietjie na voordat julle dinge sommer net wil doen en kom vra MY eers deeglik voordat jy dinge doen. Dit word in alle liefde aan julle gesê.

Amen.

# Hoofstuk 20

***22 Maart 2008 06:50***

Gister het julle gesien hoe die bose ‘n slim plan het om julle uit te vang en daarom wil EK net vir julle sê om almal wat daar aankom, eers met MY GEES te toets en wanneer hulle nie aan die standaarde voldoen nie, moet julle hulle nie daar toelaat nie. EK wil net die opregtes van hart daar hê en daarom moet julle dag en nag daaroor bid. Bid dat EK die hekke sal sluit vir alles wat nie daar hoort nie en dit sal gebeur. EK sal die hekke sluit vir die goddeloses, maar julle moet oplet dat julle nie self iets doen wat hulle daar kan laat inkom nie. Wanneer julle nie bid voordat

julle by die hekke inkom nie, maak julle ‘n pad oop vir die bose en dan kan julle niemand behalwe julleself blameer nie. Ook wil EK hê dat julle na julleself moet kyk en MY gedurig kom vra waar die foute en sondes lê. EK wil hê MY kinders moet onberispelik lewe en niemand moet verkeerde dinge doen nie. Die van julle wat verkeerde dinge doen terwyl julle daarvan bewus is, moet weet dat julle die ander wat niksvermoedend saam met julle daar by MY herberg is, se lewens ook in gevaar stel deur julle sondes. MY kinders, baie mense weet nie eers dat hulle sondig nie, maar EK sal dit aan hulle uitwys wanneer dit die regte tyd is. Leef onberispelik sodat julle geseënd kan wees in MY. EK kan julle nie seën terwyl julle bewustelik sondig nie en daarom wil EK hê dat julle mooi moet kyk voordat julle ‘n ding doen wat al die ander ook in gevaar stel. MY kinders, die sondes waarvan EK praat is dinge wat julle weet, julle doen en wat die bose beslis nader trek. Moenie dink dat EK regverdig is en dat EK net die sal straf wat die verkeerde ding gedoen het nie, maar EK sal ook die bose toelaat om in te kom aangesien elkeen aan sy naaste moet dink voordat hy ‘n sonde begaan. Die verantwoordelikheid rus op elkeen se skouers om na sy naaste om te sien. Voordat jy ‘n sigaret aansteek moet jy dink dat jy die bose ‘n vat kans op jouself gee en dan mag hy by jou wees. Wanneer jy dan die herberg se grond betree, kom hy saam met jou daarin en saai verwoesting en bring stryery en bakleiery tussen almal. MY kinders, dit is dan ook hoekom EK sê dat julle almal wat daar wil inkom eers met MY GEES moet toets. Die wat werklik van MY is, sal nie kwaad wees daaroor nie omdat hulleself nie vir ander ‘n struikelblok wil wees nie. Die wat nie daar hoort nie, sal deur MY SELF uitgegooi word omdat EK net die reines van hart daar wil hê. Maak nie ‘n fout nie, elke liewe een van julle wat hier is maak nog foute en doen sondes, maar dit is gering en EK sal dit vergewe omdat EK weet dat dit nie aspris gedoen word nie. EK praat nie daarvan nie omdat niemand nog volmaak geword het nie, maar EK praat van dinge wat daarbuite gedoen word en wat dan die bose inbring. Dink daaroor na voordat julle weer iets doen en hier praat EK spesifiek met die jonges. Hulle sal weet waarvan EK praat en ook weet hulle wie hulle is, maar almal kan in ‘n strik trap van die bose en daarom oordeel Ons niemand nie. Kom net

tot inkeer en EK sal dit nie teen julle hou nie. Dit sê EK weereens vir julle met al die liefde in MY Vaderhart.

Amen.

# Hoofstuk 21

***23 Maart 2008 07:26***

Kyk na die tye en julle sal moet saamstem dat die dinge nie meer langer uitgestel kan word nie. MY kinders word verdruk en vertrap as of hulle vuilgoed is en dit maak hulle hartseer en hulle wonder of EK hulle ooit sal red. Maar MY hand is al uitgestrek om hulle te help en EK sal hulle te hulp snel voordat hulle dit besef. Soos wat EK MY kinders by die herberg gister gehelp het, sal EK al MY kinders help wat na MY soek en EK sal hulle uitlei na die herberg waar al MY ander kinders versamel is. MY GEES sal EK dan oor almal wat daar is uitgiet sodat hulle rein kan wees en, vol van MY krag, sal hulle dan hulle werk vir MY en MY kinders wat nog in die wêreld vasgevang sit, kan doen. Daar word groot dinge vir julle beplan en julle is salig onbewus daarvan. MY kinders is vir die bose satan 'n baie teer plek en hy haat julle met 'n geweldige haat. Almal wat dan vir hom is, sal julle dan ook haat en die mens wat hier voor jou staan en so sagmoedig voorkom, is nie altyd so sagmoedig soos wat hy lyk nie. MY kinders, julle het dit gister agtergekom deurdat EK vir julle iemand uitgewys het wat net gekom het om verwoesting te saai. Was dit nie vir MY GEES van liefde nie, sou hy baie dinge daar gedoen het wat julle almal tot nadeel sou strek. Die houding van iemand wat kom verwoesting saai, sal nie een van uitdagende aggressie wees nie omdat julle hom dan dadelik sal uitken, maar so iemand sal stil en afgetrokke voorkom, so asof hy in die stilte van sy hart na MY soek. Maar wat in sy binneste aangaan sal net EK weet en díe aan wie EK dit bekend maak. MY kinders, daarom vra EK dat julle meer in die GEES sal wandel en na mense kyk met MY oë, en julle sal sien wat julle moet, voordat dit te laat is. EK het hierdie man aan julle uitgelewer sodat julle kon sien hoe slu die bose is. Hy wou almal daar vergiftig met sy idees en dan ook later sy slegte dade. Julle moet fyn oplet na die mense wat na die herberg kom omdat almal

nie opreg is soos wat Ek wil hê nie. Toets almal eers aan MY GEES en julle sal weet wie opreg is en wie nie. EK belowe julle al die beskerming wat julle van MY kan ontvang as julle net gehoorsaam is en na MY stem luister wanneer EK julle waarsku. Wees nie hardkoppig nie aangesien dit sal veroorsaak dat daar wel verkeerde mense in kan kom. Dit moet julle altyd onthou en EK wil hê dat julle na MY moet kom soek met baie meer erns sodat julle sterker kan word en die vyand oombliklik kan uitken. Dit sê EK vir julle omdat EK die aanvalle van die satan baie goed ken en presies weet wat sy volgende plan is. MY kinders, waak teen die verwarring wat tussen julle gaan heers binnekort want dit is weereens die gevolge van die aanvalle van die bose. Die aanvalle sal nou baie meer subtiel wees omdat hulle gesien het dat niks vir julle verborge bly nie omdat EK julle waarsku. Nou waarsku EK julle weer en wanneer julle agterkom dat daar verwarring en vertwyfeling heers onder julle, moet julle weet dat dit nou sy nuwe manier is om julle aan te val. Die bose het ook gister gesien hoedat julle nie deur MY verlaat sal word nie, al het elkeen nog sy eie sondes en nou sal hy met nuwe ywer kom sodat daar dinge onder julle sal gebeur wat julle almal sal verwar. Dit moet julle oombliklik aanspreek en MY kom soek sodat die kraaie nie julle ore sal pik nie. Dit beteken dat die kraai sal kom en in elkeen van julle se ore iets anders sal kom fluister. Moenie daarna luister nie want dit is nie MY opdragte nie. Luister net na MY en julle sal lewe. MY kinders, kom soek MY nou al met gebed en vas sodat die kraaie nie sal slaag in hulle plan nie. Kom soek MY nou al baie ernstig op voordat die kraaie hulle verskyning maak en julle onder mekaar sal begin baklei oor wie die regte besluit geneem het. EK sal julle deur dit alles help en julle sal ook ongedeerd aan die ander kant uitkom. Dit belowe EK julle almal wat op MY vertrou. Amen.

# Hoofstuk 22

***23 Maart 2008 07:49***

EK sal julle lei sodat julle net na MY kom en niemand anders julle sal kan verlei nie. Wanneer julle na MY kom met julle probleme en nie iemand anders vra nie, sal EK julle altyd antwoord deurdat EK iets vir julle sê in die hoofstukke wat elke dag deur MY aan MY skryfknegte gegee word. Luister na MY, MY kinders, moenie mense glo nie. Glo MY en weet dat EK die Een is wat die antwoorde bring. EK sal almal help sodat daar nie iemand sal wees wat daar sal sit sonder hulp nie. EK is ‘n hulp en rotsvesting vir elke een wat MY in die opregtheid van sy hart aan sal roep. Selfs die goddelose mens wat gered wil word, sal deur MY gered word en EK sal hom ook help, as hy van goeie wil is. MY liefling kinders sal deur MY gedra word deur al hulle probleme en deur al die dinge waardeur hulle moet gaan. EK sal nie een van hulle verlaat nie, maar wanneer iemand kies om MY te verlaat, sal dit vir hom baie sleg wees aangesien hy so vinnig soos die wind deur die bose beset sal word en sy lewe sal ‘n hel word. Dit is nie onregverdig van MY nie aangesien EK MY dan net onttrek van so iemand en hy dan deur die bose besoek sal word. Daar is nie baie mense wat MY verlaat in hulle harte nie. As iemand eers eenkeer MY liefde gesmaak het en MY verlossing gesien het, sal dit nie vir hom maklik wees om MY te verlaat nie en daarom sal so iets baie min gebeur. Wat wel sal gebeur is dat iemand MY net tydelik verlaat, maar nie heeltemal nie, deurdat hy ander dinge doen wat nie gepas is nie en dan sal hy ook besoek van die bose ontvang, maar wanneer hy besef dat hy ‘n fout begaan het, sal hy weer na MY kom en EK sal hom help. Daarom moet julle nie bekommerd wees as daar nog van julle mense daar buite sit en nog nie by julle kom aansluit het nie. Die wat wel van goeie wil is, maar nog vol sonde, sal wel binnekort die regte weg kom soek en hulle sal MY vind want Ek wil gevind word. Bid vir julle naaste daar buite en julle sal nie kan glo hoedat EK hulle te hulp sal snel omdat julle gebede krag het nie. EK sal vonkie vir vonkie van MY Liefde oor hulle uitgiet totdat hulle so sterk is dat hulle MY SELF kom soek, en daarom is dit belangrik om jou naaste aan MY op te

dra. Julle sal nooit weet wie geskik is om MY GEES te ontvang en wie nie. Die waarvoor julle bid sal deur MY begenadig word en hulle sal hulle weg na MY vind. Dra daarom ander daagliks aan MY op in gebed en elke keer wanneer julle dit doen, sal EK van MY liefde oor hulle uitgiet en hulle sal stelselmatig sterker en sterker word. Dit is baie belangrik sodat julle dit altyd in gedagte kan hou. Wees vol liefde vir almal, al sit hulle nog in die duister. Bid vir hulle en hulle sal dan ook gered word deur MY, al is dit op die laaste oomblik en nie nou al nie. Maar moenie ophou nie en wees geduldig as dit nie dadelik gebeur soos wat jy dit graag wil hê nie. Elke gebed van jou kant af, maak dat daardie persoon ‘n klein vonkie van liefde van MY kant af ontvang en dit sal op die ou einde vir daardie persoon baie werd wees en wanneer hy dit nodig het, sou dit al vir hom baie vergroot het en hy sal dit kan benut in die tyd wat gaan kom. Daarom wil Ek nie hê dat julle mense sal afskryf en dink dat hulle nie meer ‘n kans staan nie. Dra hulle net aan MY op en julle sal sien hoedat daardie persoon verander. Julle moet ook vir mekaar bid, al is julle al lankal by MY want die bose is uitermatig listig en as julle vir mekaar bid, sal dit elkeen versterk wat vir MY werk. Dit sê EK vir julle almal, MY kinders, en weet dat EK julle daagliks en elke nag bystaan en dat dit net MY Liefde is wat julle nog aanmekaar hou. Dit sê EK vir julle met al die liefde in MY Groot Vaderhart. Dra ander ook so, sodat hulle nie val nie.

Amen.

# Hoofstuk 23

***26 Maart 2008 07:13***

Wees lief vir mekaar met die ware naasteliefde vanuit MY en julle sal lewe. Wanneer julle mekaar oordeel oor klein foutjies wat julle maak, sal daar niks van die liefde kom nie. MY kinders, wees nederig en moenie in mekaar twyfel nie omdat EK in elkeen van julle wat hier teenwoordig is, leef. EK is in elkeen en niemand moet kwaad wees vir die ander een nie. EK het gesê dat julle versigtig moet wees vir die kraaie en dit moet julle nog steeds wees omdat die kraaie waarvan EK hier praat, nie sigbaar en in

mensegedaante na julle kom nie. Hulle kom in die gees en wil julle almal teen mekaar ophits sodat daar ‘n volskaalse bakleiery uitbreek en haat en nyd onder mekaar heers. Dit wil EK nie hê nie omdat dit sal beteken dat die herberg opbreek weens die eie ek van die mens. MY kinders, julle is met ‘n doel hier bymekaar gebring en EK leef in elkeen van julle. Wees nie met mekaar soos wat julle nie wil hê iemand moet met jou maak nie. Wees met mekaar soos wat jy wil hê jou naaste moet met jou maak omdat dit dan die ware naasteliefde na vore sal bring. Dit wat jy aan ‘n ander doen sal weer net so na jou toe terugkom en daarom moet jy net goeie dinge aan jou naaste doen en net goeie dinge sal van jou naaste na jou terugkeer. EK wil hê dat hier vrede heers omdat EK daar is waar vrede is en waar daar onrus en chaos is, is EK nie. Wil julle MY tussen julle hê, dan moet julle pasop vir die kraaie wat julle teen die ore wil kom pik. As EK tussen julle bly en julle net na MY stem luister, sal die kraaie nie hulle sê kan sê nie. Dit beteken dat julle julle dan nie sal steur aan kleinighede wat tussen julle kop uitsteek nie. Moenie MY kom vra of die een of daardie een reg was nie. Vergeet al julle stryd en kom na MY sodat EK julle met MY GEES kan vervul en wees lief vir jou naaste deurdat jy MY eerste liefhet. Kyk na jou naaste en konsentreer met liefde vanuit jou hart op hom of haar. Dan sal jy voel hoe daar ‘n warme liefde vir daardie persoon in jou hart ontstaan en jy sal verstaan waarom EK daardie mens liefhet. EK het almal ewe lief en sal nie die een bo die ander verkies nie en daarom moet julle dit ook nie doen nie. En vertrou net op MY, want EK het gesê dat EK net die daar na julle sal bring wat EK daar wil hê en wat deur MY gevul sal word. Daarom moet julle niks van mekaar sê nie want daardie persoon wat langs jou sit, is deur MY uit baie ander verkies om hierheen te kom. Luister nou na MY teregwysings en vermanings en wees MY getrou deurdat julle die liefde uitleef soos wat EK dit aan julle voorgeskryf het. Wanneer julle voel dat julle mekaar nie kan liefhê nie, moet jy weet dat daar ‘n baie groot tekort is aan liefde vir MY, want EK is liefde en wanneer jy MY binne jou het in oorvloed, sal jy liefde in oorvloed ook hê. Moenie van mekaar by mekaar praat nie. Kom gee dit vir MY en EK sal dit uitsorteer soos dit MY behaag en niemand sal kan sê dat EK dit net so los nie. As iemand ‘n fout

het, moet julle dit in julle harte aan MY kom oordra en EK sal julle help daarmee. Ek weet dat julle blind is vir julle eie foute en niemand sien ooit sy eie foute raak nie, maar daarom moet julle MY kom vra wat nog in julle binneste verkeerd is en EK sal julle wys. Die een wat nog nie MY stem kan hoor nie, sal deur MY gereinig word van sy sonde op die beste manier waarvan net EK weet, al is dit nou ook eers in die stryd wat gaan kom. MY kinders moet rein en heilig leef en dit kan net gedoen word deur die liefde vir MY. Dit sê EK vir julle omdat die kraaie nog wag om in te kom en hulle sal hulle ingang in elkeen vind deur die verkeerde gesindheid in die hart. Wat is die verkeerde gesindheid in die hart? Liefdeloosheid, hoogmoed en die eie ek wat gestreel moet word. Dit geld vir die oues en die jonges. Niemand word deur MY uitgesluit nie en elkeen moet na homself gaan kyk. MY kinders, maak nie ‘n ophef van iemand nie want daardie persoon kan ook val en EK kan nie deur iemand werk wat MY nie waardig is nie. So, as julle wil hê dat die kraaie deur MY weggejaag moet word, moet julle almal na julleself kyk en die een moet die ander liewer hê as wat hy homself het. Dit beteken nie dat julle mekaar se slawe moet wees nie. Kyk wat is vir jou die beste en gee of doen dit dan vir jou naaste en nie vir jouself nie. Wees vir mekaar lief met die broederliefde wat MY welgevallig is.

Amen.

# Hoofstuk 24

***27 Maart 2008***

EK sal die wat dors het met MY water verkwik en hulle sal nie meer dors hê wanneer EK hulle MY lewende water gegee het nie. MY lewende water is nie soos die water wat julle ken nie, maar julle sal nog meer ontvang hoe meer julle wil hê. EK sal vir die een wat dors het en baie begeer, dan ook baie gee, omdat EK liefde is en MY liefde is die water wat EK dan op so ‘n persoon uitgiet. MY liefde gee EK aan almal wat dit wil hê al sorg EK vir die hele wêreld. Die wat na MY soek en MY begeer, sal verkwik word en hy sal weet dat dit MY water is, al probeer iemand hom oortuig dat hy dit nie van MY ontvang het nie, maar van die bose.

Daar is vandag baie mense wat nie MY lewende woord wil lees nie omdat hulle nie glo dat so iets uit MY mond kan kom nie en dan veroordeel hulle die een deur wie EK praat. Maar dit sal nie meer langer van MY geduld word nie en hulle sal sien, al is dit nou ook op die laaste oomblik, dat dit wel EK was wat deur MY skryfknegte gepraat het. In hierdie tyd glo hulle dat EK gesterf het of hulle glo dat EK MY nie meer met MY kinders sal bemoei nie. Sal julle ophou om met julle kinders te praat? Waarom sal EK dan ophou as julle dit dan van MY geërf het? EK is dan die perfekte Ouer en julle sal al julle goeie eienskappe dan van MY gekry het. Waarom sal die perfekte Ouer dan SY kinders ignoreer en net een keer met hulle praat, en dit dan ook met hulle voorgeslagte van baie jare gelede. MY kinders sal deur MY aangespreek word en EK sal hulle nie los om in die wind te praat nie. EK praat natuurlik met julle almal as julle dit begeer en dit belowe EK aan ‘n ieder en elk as hy onwrikbaar in MY glo. MY kinders sal nie deur MY gelaat word sodat hulle net MY woorde van lank gelede moet lees nie. Nee, EK praat vandag nog met julle. Nou kan julle vra waarom julle nog nooit vantevore van so iets gehoor het nie en waarom EK dan nie met mense gepraat het waarvan julle weet nie. Maar, MY kinders, EK het met baie voor julle gepraat, maar hulle het nie geweet dat dit EK was nie. Hulle het net altyd die stem in hulle binneste geglo, maar nie geweet dat die stem, MY stem, was nie. Wel was daar ander baie lank voor julle wat wel geweet het dat dit EK was en wat woord ontvang het van MY om aan die mense oor te dra, maar die mense van daardie tyd het ook gedink dat hulle van die duiwel besete was en het hulle gou-gou van die toneel laat verdwyn. Daar is vandag nog mense in ander lande en wat baie diep in die wildernis bly wat MY woord ontvang, maar wat daaroor stilbly omdat EK hulle nie opdrag gegee het om dit aan iemand bekend te maak nie. Daardie mense kan ook met die geeste kommunikeer omdat hulle baie rein en skoon lewe. Die geeste waarvan hier gepraat word is die geeste van die berge en die natuur waarvan daar geskryf staan in MY kneg Jakob Lorber se geskrifte, deur MY aan hom gedikteer. Net soos vandag sal niemand daarin glo nie en sal iemand wat daarvan praat oombliklik as ‘n okkultis uitgemaak word. Daarom bly die mense wat dit ontvang daaroor stil en dien MY op hulle

manier in die stilte van hulle harte. MY kinders, julle by die herberg sal ook nog meer van MY leer ken soos wat die tyd verloop en watse groot voorsprong sal julle dan nie hê wanneer EK in die vlees na julle kom nie? EK weet dat almal na MY soek, maar daar waar EK almal bymekaar gegooi het, leer hulle baie vinnig hoe EK wil hê 'n mens met jou naaste moet leef. Daar by MY herberg laat EK hulle almal lesse leer wat hulle in der ewigheid nooit sal vergeet nie. Die eerste ding wat EK besig is om hulle te leer is dat EK ondeurgrondelik is. Niemand kan MY verstaan nie en die etikette wat om MY nek gehang is, sal EK vir almal wat gewillig is om te leer, verwyder. Dit het MY skryfkneg al baie goed geleer nadat EK aan almal opdragte gegee het wat vir hulle so eienaardig voorkom en wat hulle moet uitvoer. MY kinders, Ek wil julle leer dat niks by MY onmoontlik is nie en daarom klink dinge vir julle so snaaks. EK sal nooit teen MY eie bevele en wette ingaan nie en moenie dink dat EK iemand sal beveel om te sondig nie. Dit is vêr van My af maar Ek gee bevele aan almal wat MY woord kan hoor sodat EK hulle kan leer en hulle leer dan baie vinnig ook. Dit sal nog met elke een van julle gebeur en wanneer jy MY woord kan hoor, sal jy dit beter verstaan. EK wil net aan almal wys dat hulle MY nie kán verstaan nie, want die wat MY woord ontvang dink partykeer dat hulle MY nou verstaan en weet wat EK sal doen, maar niks is verder verwyderd van die waarheid nie. MY kinders, EK is ondeurgrondelik en EK maak MY net aan julle verstaanbaar deur die liefde wat EK vir julle het. Maar dink nie dat julle nou MY hele wese ken nie omdat dit vir julle onmoontlik is in julle aardse liggame. Selfs vir die engele is dit onmoontlik om MY te ken soos die palm van sy hand. Net EK ken julle soos die palm van MY hand en dit moet julle almal onthou. Vir die wat daar buite is, wil EK net sê dat julle baie belangrike lesse mis wanneer julle nie by MY leerskool, die herberg is nie, omdat daar baie te lere is voordat julle MY in die vlees kan sien. Daarom nooi EK julle weereens uit om daarheen te kom sodat jy ook die belangrike lesse van die lewe kan leer wat EK vir julle wil gee. Die tyd in julle land is min en net die wat MY liefhet sal oorleef. Kom daarom nóu sodat julle kan leer wat julle nodig het om te kan oorleef in 'n baie moeilike tyd wat vir julle almal voorlê. MY kinders wat by die

herberg is, sal ook ‘n baie moeilike tyd deurmaak, maar vir die wat nou al daar is belowe EK baie sodat hulle staande kan bly en die lesse nou al kan leer wat hulle nodig het. Dit sal vir elkeen baie moeiliker wees om te leer wanneer die tyd so swaar is soos wat dit binnekort gaan wees. So, haas jou daarom nou daarheen sodat jy nou al kan leer en nie nodig het om te leer wanneer daar chaos in die land is nie. MY kinders, EK belowe bystand aan elkeen van julle, al is julle nie by die herberg nie en EK sal julle orals beskerm, maar dit sal net vir julle makliker wees as julle nou al daar is omdat die lesse nou al vir julle gegee sal word en julle dan beter voorbereid sal wees vir die groot stryd, as wanneer julle nog by julle huise is. Dit is nie leë woorde nie. Elke woord van MY word baie goed afgeweeg voordat MY skryfkneg dit hier neerskryf en daarom moet julle dit ter harte neem.

Baie liefde aan julle almal. Julle Verlosser en Skepper.

Amen

# Hoofstuk 25

***30 Maart 2008   09:32***

Kyk MY kinders, in hierdie lewe is daar baie dinge wat julle nie verstaan nie en een daarvan is die banvloek waarmee volke in die ou tyd getref is. Die banvloek het behels dat elke mens en dier dood gemaak moet word omdat daar geeste is wat die diere ook beïnvloed het en wat gemaak het dat die diere, nadat hulle na die volgende fase oorgegaan het, al die ander siele teenwoordig in die nuwe liggaam, verkeerdelik beïnvloed het. Daarom moes die diere ook gedood word sodat daardie slegte geeste wat in die diere teenwoordig was, hulle kon verlaat voordat hulle verder kon gaan na die volgende fase van die diereryk of selfs na ‘n mens. Dit was dan die rede vir die banvloek in daardie dae en waarom selfs die diere daaronder moes ly. Die mense het dan ook baie baat daarby gevind omdat hulle siele daarna baie verbeter het, al was dit dan nou eers in die ryk hierna. EK het aan MY kneg gesê dat dit dan ook die rede is waarom julle land binnekort in bloed gedompel gaan word. EK tref eintlik julle land met die banvloek en net die wat opreg en vol liefde vir MY is sal

dit oorleef. Selfs die diere van die wat MY nie liefhet nie, sal dood gemaak word. MY kinders, as julle MY liefhet en by MY bly, sal niks julle oorkom nie en julle sal in vrede in julle land, na alles verby is, woon en EK sal julle weer alles terug gee wat julle ter wille van MY opgegee het. Weet julle dat EK dit raaksien en dat julle al baie dinge bygekry het wat julle verloor het? EK het in MY alwysheid aan julle elkeen sy loon uitgewerk en wanneer EK na julle sal kom en tussen julle sal wandel in die vlees, sal elkeen dit self van MY ontvang. Dit belowe EK aan julle almal en EK wil julle sê om ook alles in die stryd te werp vir MY sodat julle alles wat julle opgegee het vir MY kan terugkry. Dit sluit julle diere in. EK weet dat daar baie van julle is wat julle diere moes agterlaat omdat julle na MY herberg moes kom, en omdat julle dit uit liefde vir MY gedoen het en daarom sal EK julle seën en ook daardie vreugde aan elkeen wat dit opgegee het, teruggee. MY kinders, weet dat EK die kleinste dingetjie wat julle vir MY opgegee het, aan julle sal teruggee, al is dit jou troeteldiertjie waarvoor jy baie lief was. EK het immers die diere vir julle gegee sodat julle na hulle sal omsien en ook MY skepping op so ‘n manier kan liefhê en eer. Dit moet julle weet en weet ook dat EK nie ‘n ongenadige Vader is nie. Ek ken elkeen se hart en weet wat daarin aangaan en elke hart wat pyn wil EK vertroos deur dit wat Ek vir julle na die stryd sal teruggee. Daar is baie diere wat sal omkom saam met hulle base , maar daar is ook baie diere wat gespaar sal bly omdat EK dit so wil. Elke een van julle wat MY bo alles liefhet, sal sy diere weer terugkry omdat EK hulle vir julle al spaar. Ek sal hulle aan die lewe hou, al lyk dit vir julle ook hoe onmoontlik. Die diere moet ook ‘n mate van lyding deurgaan omdat dit ook goed is vir hulle siele. Dit sê nie dat julle julle diere moet mishandel nie, maar wanneer Ek so iets oor ‘n dier bring moet julle daarby berus omdat EK die beste weet waarom EK dit aan daardie betrokke dier doen. Julle moet onthou dat ‘n dier ook deel is van ‘n mens se siel en dat hy net soos julle mense, ook lyding nodig het om sy sieledeel te vervolmaak. Wanneer daardie deel van die mensesiel dan volmaak is, of wanneer hy gereed is om verder te gaan, sal EK hom op ‘n manier wat vir MY die beste is, gaan haal en hom verder laat gaan. Dit belowe EK vir julle dat dit altyd uit die grootste liefde in MY Vaderhart geskied en dat EK nooit iets oor

iemand, hetsy ‘n mens of dier, bring vanuit woede in MY hart nie. EK sal nooit so iets doen nie omdat EK nie woedend kan word en iemand daardeur dood nie. MY kinders, berus daarby dat EK julle almal deur ‘n baie swaar tyd sal dra sodat julle weer met julle diere wat oorleef het, verenig sal word. EK weet dit is vir julle en julle diere moeilik, maar EK sal dit nie langer laat geskied as wat nodig is nie. MY kinders, wees net gerus en wy elke oomblik aan MY en julle sal leef en saam met alles wat EK vir julle sal gee na die tyd, sal julle vrolik leef terwyl EK tussen julle sal rondloop. Dit sal julle nog almal sien. Laat MY toe om julle lewens te rig en julle sal nooit spyt kry nie. Dit belowe EK vir elkeen wat vandag hartseer is oor sy diere wat hy moes agterlaat. Dit sal alles aan julle teruggegee word.

Merk MY woorde.

Amen

# Hoofstuk 26

***30 Maart 2008 09:55***

EK wil julle alles wees en met die komende Pasga wil EK vir julle ‘n paar dinge daaromtrent sê. MY kinders, wat is die ware waarde van die Pasga? Is dit nie dat julle MY brood moet eet en MY wyn moet drink nie? Wat is MY brood en MY wyn? Dit is EK SELF wat julle in julle moet opneem. Dit is MY woorde en MY liefde vir julle almal wat julle aan mekaar ook moet uitdeel. Daar is baie mense wat nog glo dat hulle ‘n paaslam moet slag en daardeur bewys hulle dan dat EK nie vir hulle geslag is nie. Het MY bloed dan verniet gevloei op Golgotha? Nee, MY kinders die ware Pasga wat Ek wil hê is die eet van MY woorde en die beoefening van MY liefde. Wanneer jy elke dag met MY gemeenskap het en jy dan vir jou naaste dinge doen uit die diepte van jou hart en jy vir hom of haar ook lief is, sal jy dan mos MY vlees en bloed eet en drink, nie waar nie? Dan deel jy dit ook uit soos wat EK dit verlang. Moet daarom nie bekommerd wees oor die komende Pasga nie. Maak julle nie besorg oor iets wat vir MY klein is nie. Het EK julle nie beveel om mekaar met julle hart lief te hê nie? EK het gesê, wees vir MY lief met alles wat binne jou is en wees

vir jou naaste lief soos wat jy jouself liefhet. Dit sê EK nou weer vir julle. Dit is die ware viering van MY Nagmaal en die Pasgalam wat julle dan slag, sal MY liefde wees wat julle oor mekaar uitgiet. MY kinders, julle het nie nodig om ‘n fees te vier ter herdenking van MY kruisiging nie, leef dit elke dag uit. Dit is vir MY as julle Vader nutteloos wanneer julle een dag in die jaar uitsonder en dan ‘n fees ter herdenking van iets hou. Hou liewer elke dag fees en dra MY so in julle hart aan ander oor. Dit is die ware viering van MY feesdae. Dra mekaar in liefde en wees net vir mekaar lief omdat Ek julle so liefgehad het dat EK vir julle gekruisig is en dat julle mekaar dan ook so lief moet hê soos wat EK vir julle lief is. MY kinders, EK weet daar is die onder julle wat nog voel dat hy ‘n vleisie of ‘n vissie wil braai en dit kan julle maar doen as julle so voel. Braai dit dan uit liefde vir mekaar en berei vir mekaar iets lekkers voor in die liefdesvuur van julle harte, maar moenie dink dat jy sondig wanneer jy nie aan die verrigtinge deel sal neem nie. Dit is nie sonde in MY oë wanneer iemand die Pasga elke dag in die gees vier nie. Dit is eintlik hoe EK dit wil hê en laat niemand die ander een verkwalik vir die manier hoe hy dit wil herdenk nie. Laat elkeen doen soos sy hart vir hom sê en wanneer iemand vir ‘n ander ‘n stukkie vleis uit die liefde van sy hart wil braai, dan is dit ook welgevallig in MY oê. Laat daar net liefde heers en nie tweedrag oor die regte manier van die feesviering nie. EK wil daar by julle teenwoordig wees en EK kan net daar wees wanneer die liefde daar heers. Los mekaar uit om die Pasga te herdenk soos wat elkeen in sy hart voel. Laat niemand vir die ander een sê wat om te doen nie omdat dit dan net ongelukkigheid sal bring wat nie daar mag wees nie. Bring die dag wat julle uitkies om te vier net in liefde deur en EK sal daar wees om julle verrigtinge te seën. En dit sê EK ook vir julle almal uit die diepste liefde wat EK vir julle het in MY Vaderhart. Gaan sê dit ook aan almal wat nou in ‘n tweestryd gewikkel is en leef vir Die Liefde, wat EK IS.

Amen

# Hoofstuk 27

***2 April 2008  03:38***

Orals waar julle kom moet julle vir MY skyn omdat EK die lig is en wanneer julle MY in julle binneste het, sal julle ook die lig na buite uitstraal. MY lig is so groot dat niks dit kan uitdoof nie en wanneer EK in iemand is, sal niks MY in hom of haar kan uitdoof nie. Die lig sal die lig herken en dit is dan ook waarom mense wat mekaar dan vir die eerste keer sien aanklank vind by mekaar en oor MY kan gesels. EK is die Eerste en die Laaste en wanneer daar mense is wat so oor MY voel, sal hulle met mekaar kan gesels soos ou vriende. In der waarheid is hulle meer as net ou vriende omdat hulle almal uit MY is en daarom ken hulle mekaar al baie lank en is ook familie van mekaar. MY kinders, julle moet MY lig so uitdra sodat daar ander mense is wat julle kan herken en dan met julle begin gesels. Sodoende dra julle MY woorde uit en die ander persoon wat al baie lank na MY soek, sal MY dan deur julle weer vind. Daar is tans baie ander mense op hierdie aardbodem wat soekende is na MY en wat dink dat hulle die enigstes is wat so voel en dink, maar wanneer hulle julle sal hoor praat, sal hulle MY in julle herken en dan sal hulle weet dat dit al die tyd wel EK was wat so in hulle gewerk het. Die see van mense is so groot en MYNE is yl gesaai tussen die res van die mense sodat MY lig oral kan uitkom sonder om die mense te dwing. Dit moet julle altyd onthou, dat EK niemand dwing nie. Ek gee aan elkeen soos wat hy vra en daarom sal EK net soveel gee as wat iemand kan verdra en niks meer nie. Daar is niemand wat alles wat in MY koninkryk is, sal kan verdra nie en daarom sal EK net bietjie vir bietjie aan julle almal gee. EK kan julle nie al die voedsel gelyktydig gee nie omdat dit dan julle dood sal beteken. Die dood sal vir julle dan buitengewoon erg wees en soos lewende lyke sal julle dan wees omdat MY LIG te skerp is vir julle oë. MY lig bestaan uit die grootste liefde en wanneer julle dit sal ontvang, sal dit net die hoeveelheid wees wat julle kan verdra. MY kinders, EK het gister na elkeen van julle gekom en EK het julle geseën en almal van julle kan getuig van 'n wonderlike dag en waarvan julle ook kan getuig van MY teenwoordigheid. Elke een van julle het MY Pasga

gehou soos wat dit vir hom geskik is. EK het aan elkeen gegee soos wat dit hom behaag het en ook soos wat dit vir MY behaag het. Elke een het die fees gevier soos wat dit MY behaag het en soos wat dit vir hom in sy binneste die beste was. Party van julle het EK uitgestuur na julle naaste om so die brood van die lewe te gaan breek waar dit noodsaaklik was en waar die mense ‘n hongerte gehad het. Ander het weer tuis gebly en die brood net met mekaar gedeel, maar elkeen het dit volgens sy geestelike toestand gedoen. Daar was nie ‘n reg en ‘n verkeerd nie, maar tog moes dit net in die Liefde geskied. Die liefde was die maatstaf waarvolgens alles gemeet kon word. Was daar nie liefde betrokke nie, dan het dit niks beteken nie, want EK is liefde. Hoe kon jy die brood van die lewe breek, wat EK is, terwyl daar niks liefde by was nie? Dan het dit beteken dat EK nie teenwoordig was nie omdat net EK alleen liefde is. MY kinders, wanneer julle mekaar met liefde behandel en mekaar so aan MY opdra en wanneer julle oor MY praat met vreemdes, is dit MY brood wat julle uitdeel en daarom is dit belangrik om MY fees elke dag te vier. Dink nie dat EK ‘n behae het in ‘n fees wat uitermatig gevier word op ‘n sekere dag waartydens daar oormatig geëet en gedrink word, maar MY liefde nie is nie. EK het ‘n baie ander manier van feesvier as wat julle dink. EK het gister iemand op MY skryfkneg se pad gebring wat sy nog nooit gesien het nie en hulle het die hele tyd brood met mekaar gedeel en MY wyn aan mekaar geskink deurdat hulle oor MY gesels het en na die tyd het EK aan MY skryfkneg getoon hoe die engele in die hemel saam met MY bly en verheug is omdat daar brood gebreek is in MY Naam. Dit het haar ook bly gemaak en EK het vir haar gesê dat EK en MY engele fees vier daaroor. Sy het ook in die fees gedeel deurdat sy met iemand oor MY gepraat het en dit is die fees wat EK vier. Wanneer julle dus met mekaar oor MY praat en gedagtes uitruil, vier EK met MY engele fees in die geestesryk. Dan heers daar die grootste vreugde en almal by MY is bly en brood word uitgedeel. Wat is die brood? Dit is MY liefde! So, wanneer julle met mekaar oor MY praat en in liefde met mekaar verkeer, vier EK en MY engele fees en dit is dan die egte Pasga wat MY behaag. Daar is vandag so baie mense wat glo in rituele en dit stuit MY teen die bors omdat daar niks liefde in is nie. Daar heers

net die behaging van die vlees en dan dink hulle dat dit MY behaag. EK is nie tevrede met rituele wat uitgevoer word net om MY "gelukkig" te maak nie. EK wil ware liefde tussen broers hê en oral waar dit so gevier word, is dit vir MY welbehaaglik omdat EK dan daar is. Maar waar mense rituele beoefen en tussen mekaar stry en baklei, is dit vir MY 'n pes en sal EK dit met wortel en tak uitroei. Dink 'n bietjie daaroor na, sodat julle dit aan die ander mense daar buite kan verduidelik omdat julle presies verstaan waarvan EK praat. EK wil net hê dat daar liefde tussen julle moet heers en dan het julle op die regte manier fees gevier, al was daar nie 'n krieseltjie kos teenwoordig nie. EK is die kos wat elkeen nodig het om te kan oorleef en wanneer jy MY met jou naaste deel, het jy meer fees gevier as die mens wat fisies brood gebreek het, maar nie uit liefde nie. Laat MY liefdesvure in julle binneste brand sodat daar altyd iets gaar gemaak kan word vir jou naaste. En dit MY kinders, is die ware vier van 'n fees vir MY.

Amen.

# Hoofstuk 28

***02.03.2008 19:04***

MY Elia is besig om te ontwaak terwyl hy in sy liggaam is. Hy is tans besig om bewus te raak van sy groot taak. Terwyl hy sy lewe normaal lei soos enige ander mens, is EK besig om in die gees met hom te werk en hy weet nie eers daarvan nie. MY kinders, die wedergeboorte is 'n baie langdurige proses en die mens met wie EK werk, is dikwels nie eers self bewus van sy vordering in die gees nie. EK is besig om MY Elia slaggereed te kry en hy voel dit nie. Hy is nie bewus van sy geestelike groei nie en hy dink dat daar niks in sy binnekant aan die gang is nie. Daar is dan ook 'n baie belangrike rede daarvoor. MY Elia het 'n baie groot taak en sonder om gereed te wees, kan hy nie weet wat hy moet doen nie. Hy mag van niks weet voordat dit die regte tyd is nie. Nou vat EK hom deur baie beproewings en hy sien nie MY groot hand daarin raak nie. Hy voel asof EK hom verlaat het en hy dink dat EK daarin behae skep om hom te pynig op allerhande wyses. MY kinders, niks is verder verwyderd van die waarheid nie en net

soos hy is daar baie ander mense wat dieselfde voel en dink. EK moet julle deur baie dinge vat om julle siele gereed te kry vir die groot taak wat vir julle wag en sonder al die dinge wat julle moet deurmaak, sal julle dit nie kan doen nie. Daar is 'n pad vir elkeen en elke mens het iets anders wat vir hom geskik is om hom gereed te kry vir die toekoms. Daarom moet EK elke mens wat na MY op pad is en wat MY werk wil verrig, op 'n ander manier bewerk. Dikwels sien julle nie MY liefde in dinge wat met julle gebeur raak nie, maar EK wil julle verseker dat EK met elke beproewing met julle is en dat EK julle deur dit alles dra en elke oomblik, al is dit vir julle hoe swaar, met julle is. As julle in die gees kan sien sal julle sien dat EK julle nie vir een sekonde verlaat nie. EK versterk julle vir alles wat julle vir MY moet doen, en onthou dat alles wat julle doen vir die beswil van julle naaste is. EK wil hê dat julle moet besef dat julle hier is ter wille van ander mense aangesien die meeste van julle wel al op aarde was en nie nodig het om aan MY te bewys dat julle MY wil dien nie omdat daar al jare gelede 'n ooreenkoms met MY gesluit is om MY te dien. Die rede dat julle hier is, is om ander by te staan sodat hulle hulle weg na MY kan vind. EK wil hê dat julle eers by daardie gedagte sal stilstaan en dit sal oordink en sal besef dat jy jouself moet versterk sodat jy ander mense wat op 'n dwaalweg is, kan help. Dit is dus elke mens se verantwoordelikheid om aan homself te werk sodat hy ander kan help. Dit gaan dan net daaroor om ander te dien omdat julle MY en daarna julle naaste baie liefhet. Dit is 'n baie belangrike punt waaraan julle baie aandag moet gee. Dink daaraan en julle sal verstaan wat EK bedoel.

Amen.

## Hoofstuk 29

***02.04.2008 19:20***

Baie van julle is al besig met die wedergeboorte en dit maak van julle nuwe mense. Daar is baie veranderinge in julle binneste en julle staan partykeer verstom oor die veranderinge wat julle bespeur diep binne julle. EK maak elkeen bewus van die

verandering in sy binneste omdat EK wil hê dat julle moet weet dat julle deur MY omskep word in nuwe mense. EK omskep julle in nuwe mense omdat EK van julle die mense maak wat MY behaag. Nadat jy jouself oorgegee het in MY hande om omvorm te word tot die beste wat jy kan bereik, doen EK dan dinge aan jou wat jou baie verander. Dit verstaan julle soms nie en dan raak julle moedeloos omdat daar baie snaakse dinge in julle lewens begin gebeur. Ek bring dinge oor julle wat julle tot die uiterste toets en wat julle baie seer maak. Dit doen Ek nie omdat EK ongenadig is nie, maar omdat EK die genadigste Wese is wat bestaan. EK weet waarom EK julle deur die ergste toeste en beproewinge sit om daardeur van julle die mooiste mense te maak. Daarby moet julle berus wanneer julle julleself aan MY oorgegee het en van MY gevra het om julle te omskep in die mens wat EK wil hê julle moet wees. Wanneer jy jouself aan MY oorgee, sal EK met jou werk soos wat Ek weet, die beste is en dan moet julle nie daaroor huil nie want die beste goud word gelouter onder die swaarste temperature en so ook met julle. Wanneer jy deur die smeltkroes gegaan het, sal jy geskik wees om MY GEES in al MY volheid te ontvang, maar nie ‘n sekonde voor die tyd nie. EK sal MY GEES bietjie vir bietjie oor elke een van julle uitgiet en wanneer jy dan gereed is, sal EK MY volheid oor jou uitgiet want dan sal jy dit kan verdra en hanteer. Die volle wedergeboorte sal dan voltooi wees en op aarde het jy dan die hoogste sport bereik wat jy kan bereik. Dit wil EK vir elkeen gee wat MY daarom kom vra, maar voor dit kan gebeur, moet jy eers deur die vuur en die hel vir MY gaan. Dit is nie om te bewys dat jy dit sal doen nie aangesien EK elke mens se hart ken en dit nie nodig is vir MY om te sien of jy werklik sal nie, maar dit is vir jou eie sielsontwikkeling die belangrikste ding wat jy moet deurmaak sodat jy volwasse kan word in die gees. Dit moet vir elke mens wat MY wil dien voldoende wees en julle moet net MY woord hiervoor vat omdat EK nooit vir julle sal lieg nie. EK wil werklik met elkeen een word omdat dit sal beteken dat EK van MY GEES weer teruggekry het en daarom is dit vir MY ook baie belangrik dat julle Een met MY word. Julle is nie vir MY net geskapenes waarvan EK vergeet nie, nee, julle is MY GEES wat EK terug ontvang en waaroor EK baie bly is. MY kinders, die stryd wat

gaan kom is om die draai en nog nie een van julle is Een met MY nie en daarom werk EK baie hard daaraan om julle te omvorm in MY liefde, en dit is dan ook die rede dat daar sulke kwaai dinge oor elke een se pad kom. Daarby moet julle berus en weet dat Ek net die grootste en mooiste diamante sal kies om vir MY te werk. Hoe swaarder jou pad dus, hoe vinniger sal jy omvorm word in iemand wat MY GEES heeltemal kan bevat.

Amen.

# Hoofstuk 30

***02:04.2008 19:58***

SELF kom EK na julle toe om julle te kom leer in MY weë en EK wil julle wys hoe julle moet wees om MY heeltemal in julle te kan opneem. Die tyd is egter al ryp vir julle almal wat MY liefhet om met die wedergeboorte te begin en die waarheid is dat julle almal alreeds daarmee besig is, van die dag dat julle julle heeltemal aan MY oorgegee het. Nou is dit net die finale stryd wat vir elkeen persoonlik voorlê sodat MY GEES heeltemal kan posvat in jou binneste. Daarom gebeur dinge nou baie vinnig en versamel EK al MYNE wat EK uitverkies by MY herberg. MY kinders, dit is nie blote toeval dat julle daar bymekaar is nie omdat EK MY GEES oor julle almal wil uitgiet sodat julle julle naaste kan gaan help in die nood wat nog vir julle almal, maar veral vir hulle, voorlê. Wanneer die stryd op hande is, sal daar baie van julle wees wat Een met MY geword het en dan sal dit vir julle almal wat met MY EEN is baie maklik wees. Die stryd sal vir julle niks wees nie en julle sal oor julle vyande se koppe vlieg en hulle sal tevergeefs na julle soek om julle dood te maak want julle sal onbereikbaar vir hulle wees. Daarom sê EK dat dit maklik sal wees vir julle. Maar vir hulle sal dit ‘n nagmerrie wees omdat hulle julle nie sal kan vang nie en hulle ou gewoontes en gelowe sal dan weer oor hulle regeer. Met ander woorde, die bygelowigheid sal weer van hulle pos neem en hulle sal met vrees en bewing van julle af weg vlug en eerder hulle dood tegemoet hardloop as wat hulle julle konfronteer. Hulle sal die lig in julle raaksien, en die bose duisternis in hulle, sal maak dat hulle vlug tot hulle nie meer kan

nie. Die vrees wat hulle vir julle sal hê sal oorweldigend wees en hulle sal op die vlug slaan, maak nie saak waarheen nie, solank hulle net van julle, of die lig en die mag van uit MY, kan wegkom. Dit sal baie van hulle se dood kos omdat hulle julle nie wou gehoorsaam en julle dien soos wat EK van die begin af bepaal het nie. Daar is sekere ordes in MY skepping en een daarvan is dat die ander volke julle moet dien. Dit is nie te sê dat hulle julle slawe moet wees nie, maar EK wil hê dat die ander volke MY uitverkore volk moet dien uit eerbied vir MY. Dit is dan die rede dat hulle julle moet dien en nie omdat julle beter is as ander nie. Moet nooit hoogmoedig raak nie aangesien EK almal geskape het en EK het elke volk met sy eie talente geskep, maar julle is en bly MY lieflinge wat EK geseën het met die talent om Een met MY te word en geen ander volk kan dit bereik nie. Dit is net aan julle gegee en dit moet julle onthou. Dit is MY werke en nie julle eie werke nie. Julle is MY uitverkore volkie en EK sal almal wat julle dien en julle eerbiedig ryklik seën in sy eie land en EK verwag van hulle om MY in julle raak te sien. Daarom moet julle MY waardig wees en julle gedra soos die uitverkorenes van Die Enigste en Eerste, van die Begin en die Einde en van die Alfa en die Omega. Dit vra EK van julle omdat dit dan ook vir julle die Eenwording met MY sal bespoedig.

Amen.

# Hoofstuk 31

***02.04.2008 20:17***

Kom, MY seuns en MY dogters, kom gee julle oor sodat EK julle heeltemal kan reinig en skoonmaak van al julle onreinheid wat julle verhoed om Een met MY te word. Alles wat met julle sal gebeur en al die toeste en hel wat julle sal moet deurmaak ter wille van die eenwording met MY, sal vir julle die moeite werd wees en julle sal nooit spyt kry nie. Die eerstes wat hulle so aan MY oorgegee het en aan MY trou beloof het, al het hulle geweet van die swaar wat nog vir hulle voorlê, is al baie na aan die eenwording met MY en dit sal spoedig gebeur omdat die tyd min raak. EK sal niemand wat so na MY kom en hulleself

onvoorwaardelik aan MY oorgee, net so los nie. EK sal elkeen help sodat hy die volle oorwinning oor sy eie vlees kan behaal, en daarom bring EK ontydige dinge oor elkeen van hulle. Niemand weet wat vir hom voorlê nie en EK sê net dat die pad swaar sal raak, maar wanneer die dinge iemand wat op pad is na MY tref, raak so iemand dikwels mismoedig en kom kerm en kla hy oor sy swaar las wat hy moet dra. Wanneer EK dan aan hom of haar verduidelik wat aangaan, is hy of sy dan baie bly vir die swaar wat EK op die weg gebring het. Dit gaan met elke mens wat na MY soek, so en niemand dra sy las soos wat hy moet nie. Dan leer julle baie vinnig hoe julle moet optree en julle sien dan julle foute in en dit maak van julle rein en skoon diamante wat skitter met MY GEES in julle. Daarom gaan dit soms moeilik en nie omdat EK julle nie liefhet nie. Maar julle moet onthou dat die mooiste diamante onder die grootste druk gevorm word en dat ‘n ware diamant baie lank gevat het om te vorm en daarom kan die wedergeboorte nie oordag plaasvind nie. Dit alles geskied met MY tyd en alles sal so gebeur soos deur MY bepaal. Berus net by MY besluite en julle sal almal by MY uitkom en Een met MY word. Dit belowe Ek aan julle almal wat ernstig op soek is na die Eenwording met MY.

Amen, MY kinders, amen.

# Hoofstuk32

***02.04.2008 21:09***

Daar sal binnekort iemand wees wat heel eerste met MY een geword het en wanneer hy na julle sal kom in MY naam, sal daar wonderlike dinge met julle gebeur. Hy sal met MY krag dinge vir julle laat plaasvind waarin julle net MY krag sal kan sien. Ook sal hy vir elke een wat opreg na MY soek, hoop en vreugde bring omdat hy MY voorloper is en net soos Johannes die doper wat MY koms voorspel en wat MY voorgegaan het, sal hy weer wees en mense sal nie weet wie hy is voor hulle hom ontmoet het nie. Daar is al ‘n hele paar wat weet wie dit is en die wat nog nie weet nie, sal deur MY SELF in kennis gestel word wanneer die tyd reg

is. Julle mag MY kom vra en EK sal aan julle sê wie dit is, maar moenie ‘n ander mens kom vra nie. EK sal dan elkeen SELF sê wie dit is en wanneer daardie mens dan Een met MY is, sal julle dit aan hom kan sien aangesien sy gelaat sal verander van donker na helder lig. Dit beteken nie dat hy nou vol duisternis is nie, maar bloot dat hy nog meer mens as engel is. Baie van julle is ook op dieselfde pad as MY voorloper en wanneer dit gaan gebeur dat hy een met MY is, sal al die ander mense die een na die ander die eenwording met MY bereik. Hy sal eerste ingaan soos voorheen, en almal sal volg. So, julle moet hom baie opdra sodat hy vinnig met MY kan verenig want dit gaan teweegbring dat daar baie wonderlike dinge onder julle gaan gebeur. Wonderwerk op wonderwerk sal dan voor julle oë plaasvind, maar dit sal net voor die gebeur wat heeltemal ryp is daarvoor. Niemand wat Een is met MY sal of mag daaroor spog nie omdat dit nie die doel is van sy Eenwording met MY nie. Die rede dat MY voorloper wonderwerke sal verrig, is om julle wat daarop wag en wat die Eenwording met MY nastreef, met nuwe moed te besiel en julle meer ywerig te maak. Gee vir MY julle beste en EK sal julle daarvoor beloon sodat julle nooit spyt kry nie. Gee alles op vir MY en julle sal ook die Eenwording met MY bereik. Dit is die hoogste sport wat julle kan bereik op aarde en julle beloning in die hiernamaals sal dan te wonderlik vir woorde wees. MY kinders, EK het julle so onbeskryflik lief en die wat MY al in die gees kan aanskou, kan daarvan getuig omdat hulle MY aangesig kan sien en kan sien hoe MY oë van liefde vir julle, getuig. EK maak nie leë beloftes nie en wat EK sê gebeur werklik en daarom moet julle nie laat slap lê nie want dit sal julle bitterlik berou, nie omdat julle gestraf sal word nie, maar omdat julle dan sal sien wat julle verbeur het en dit julle oneindig hartseer sal maak. Werk hard aan julleself, MY kinders en julle sal die beloning daarvoor al op aarde ontvang, want wat kan beter wees as hemel op aarde? En sal dit nie vir julle hemel op aarde wees wanneer julle Een met MY is en alles kan aanskou nie? Sal dit nie vir julle hemel op aarde wees wanneer julle die hele skepping met al sy werke kan aanskou en MY eerstehands kan ontmoet nie? Dit sal vir julle die grootste saligheid beteken en dit sal vir julle die wonderlikste seëninge bring. Dit sal alles vir julle nog meer duidelik word

wanneer julle Een met MY is en julle sal so bly wees oor alles wat met julle gebeur het, en wanneer julle die eindproduk van ‘n nuwe omvormde mens sal sien, sal dit vir julle almal tot aansporing dien. Veral omdat EK MY voorloper van alle tye al, eenkant gehou het. Hy bly eenkant sodat die wonderwerk wat EK in hom gaan verrig, soveel groter sal wees. Julle sal dit sien en almal wat hom ken sal stom van verbasing wees omdat hulle die verandering in sy wese sal herken en nie dieselfde mens van vroeër in hom sal sien nie. EK het ook MY redes daarvoor en dit is nie asof EK sy persoonlikheid sal verander nie, maar sy ware persoonlikheid sal dan eers na vore tree. Hy sal almal wat hom ken verbaas en die liefde sal uit hom drup. Dit sal dan as aansporing vir almal wat die Eenwording met MY soek, dien en dit is dan waarom Ek so ‘n groot wonder werk vir MY voorloper beplan. Onthou, hy is net ‘n mens soos julle en hy loop ook ‘n baie swaar pad, wat net sal verander deur MY liefde wat EK op hom sal uitstort, maar wanneer dit gebeur, sal almal wat hom sien juig oor MY groot liefde vir elke mens en julle sal dan éérs hard werk om dit te bereik. MY liefling kinders, kom na MY sodat EK en jy weer Een kan wees en jy hemel op aarde kan hê en EK gelukkig kan wees omdat EK weer MY geestesvonkie teruggekry het.

Amen.

Dit is die einde van die boek “Die wedergeboorte”.